


# **Die Voortrekkers**



**OFFISIERSHANDLEIDING**

**vir**

**Penkoppe en Drawwertjies**

**in**

**Graad 7**

Met dank en erkenning vir die samestelling en afronding van hierdie boeke aan:

Venter, Nell Smith, Maatjie Greyling,  
Magriet

Uitgegee deur:

**Die Voortrekkers**, Posbus 12542,

QUEENSWOOD, 0121

Kopiereg: **Die Voortrekkers**

Eerste uitgawe, eerste druk 1995

Eerste hersiening, eerste druk 1998

Tweede hersiening, eerste druk 2003

Tweede uitgawe, eerste druk 2006

ISBN 1-874993-92-0

## INHOUD

TOEKENNINGS IN GRAAD 7 .....	4
INLYWING .....	5
1 Inlywingsvereistes .....	6
EK AS MENS .....	13
1 My Persoonlikheid .....	13
2 My Lewensloop .....	14
3 My Gesin .....	16
4 My Herkoms .....	17
5 Selfhandhawing .....	19
6 Groepsdruk .....	20
7 My Ontwikkeling as leier .....	22
EK IN MY OMGEWING .....	24
1 Kaarte .....	24
2 Metodes om Rigting te bepaal .....	25
3 Roetemars (nie 'n nagmars nie) .....	27
4 Kampering .....	29
EK AS VOORTREKKER .....	33
1 Die Geskiedenis van <i>Die Voortrekkers</i> .....	33
2 Die Grondslag .....	34
3 Die Wese .....	35
4 Die Voortrekkerkode .....	37
5 Die Penkop- en Drawwerjebelofte .....	39
6 Die Voortrekkerwapen .....	40
7 Die Voortrekkervlag .....	42
8 Samestelling van <i>Die Voortrekkers</i> .....	42
9 Saluut en Seremonie vaardighede .....	44
10 Spesialisasies vir Graad 7 .....	49
11 Die Verkenner .....	50
EK AS AFRIKANER .....	51
1 Afrikaner vandag .....	51
2 Afrikaner – eienskappe .....	51
EK AS LANDSBURGER .....	54
1 Geskiedenis - Republiekwording .....	54
2 Die Nasionale Lied .....	55
3 Die Nasionale Vlag .....	57

**AAN ELKE SPANOFFISIER**

Baie welkom hier aan die begin van 'n opwindende jaar saam met jou span.

Jou aanbieding, optrede, entoesiasme en voorbeeld sal bepaal of jou spanlede volgende jaar weer Voortrekker sal wees.

Om die span suksesvol en gemaklik te kan hanteer, benodig jy die basiese kursusse en die volgende literatuur:

- *Offisiershandleiding vir Penkoppe en Drawwertjies in Graad 7.*
- *Penkop en Drawwertjie Werkboek vir Graad 7.* (een vir elke kind in jou span)
- *Spesialisasies vir Penkoppe en Drawwertjies.*
- *Ondersteuning vir Penkop en Drawwertjie Offisiere.* Hierdie boek kan jy van graad 1 tot graad 7 gebruik en met groot vrug selfs ook later.
- *Prospektus vir die Voorslagkandidaat.*
- *Prospektus vir die offisier van die Voorslagkandidaat*
- *Inskrywingsvorm (P1) Aansoek om toelating tot die Voorslagkamp.*

Aan die einde van die jaar kan jeuglede wat die inhoud van die graadboek suksesvol deurgewerk het, 'n Dagbreekgraadwiel kry. Hierdie kenteken word op die erkenningsbaadjie aangebring. Die besonderhede oor die aanwerk van alle kentekens sal u vind in die afdeling oor Voortrekkerdrag.

Sterkte en geniet jou span.

Nasionale Komitee vir Penkop- en Drawwertjiesake.

Dit is belangrik dat u program so saamgestel word dat u deurlopend aandag gee aan die 3 H's van die loopbaan.

❖	Hoof	- die oordra van kennis	KENNIS
❖	Hand	- die bemeestering van vaardighede	VAARDIGHEID
❖	Hart	- die kweek van liefde en respek vir	HOUDING OF GESINDHEID

U het vanjaar 'n besondere geleentheid om te help bou aan 'n medemens en te vorm aan 'n burger van ons land. Baie voorspoed met u taak. Ons vertrou dat u aan die einde van die jaar na vele hoogtepunte sal kan terugkyk.

**Mag ek die rede wees dat 'n kind sal sê:**

**My erfenis is vir my mooi.**

## TOEKENNINGS IN GRAAD 7

**A** 'n Skei of 'n juk vir getroue bywoning.

**B** **Dagbreekgraadwiel.**

- Die dagbreekgraadwiel word verwerf deur die jaar se voorgeskrewe werk volledig af te handel. (Net soos al die vorige jare)
- Die dagbreekgraadwiel word by die ander graadwiele op die erkenningsbaadjie aangebring. Die normale patroon van aanwerk van die graadwiele word gevolg.
- Hierdie graadwiel is een van die vereistes om te kan kwalifiseer vir die Voorslagkamp.
- Die graadwielkenteken moet reeds op die kandidaat se erkenningsbaadjie aangebring wees wanneer hy na die Voorslagkamp gaan.

**C** **Voorslag**

- Die Voorslagtoekenning is 'n Nasionale toekenning en die Voorslagkamp word deur die Gebied gereël.
- Een van die volgende Voorslagtoekenninge kan verwerf word. Brons, Silwer of Goud.
- 'n Sertifikaat word saam met die kenteken uitgereik.
- Die Voorslagkenteken word 10mm onderkant die Groepkenteken op die erkenningsbaadjie vasgewerk.
- Die Voorslagkenteken word op die Verkennerdrag gedra totdat dit met die Hoofleierswagkenteken vervang word.



## INLYWING

Wanneer nuweling aansluit, is daar 'n paar sake wat spoedig en korrek afgehandel moet word. Lede kan dwarsdeur die jaar aansluit alhoewel die begin van die jaar meer wenslik is.

### Taak van die Offisier

1. Deurgee van die nodige inligting aan ouers.
2. Uitgee van en ontvang van registrasievorms.
3. Toesien dat jeuglid geregistreer word.
4. Toesien dat jeuglid ledegeld betaal.

### Taak van die Ouer

1. Vergewis homself van wie en wat *Die Voortrekkers* is.
2. Korrekte voltooiing van die registrasievorm.
3. Betaal van die voorgeskrewe gelde.
4. Meelewing en ondersteuning aan span en kommando.

### Inligting vir die afhandeling van bogenoemde

**Registrasie** as lid van die Beweging: Registrasie geskied deurdat elke voornemende Voortrekker by die betrokke gebiedskantoor geregistreer word voordat hy aan Voortrekkeraktiwiteite mag deelneem.

Elke ouer of voog moet die voorgeskrewe vorm voltooi en saam met die ledegeld aan die kommando terugbesorg. Die kommandodagbestuur moet sorg dat die registrasie plaasvind en die offisier se taak is eers afgehandel wanneer die registrasienommer terug ontvang is.

**Voortrekkerdrag:** Om eenvormigheid binne die Beweging te skep, is 'n voorgeskrewe drag vir alle lede nodig. Die Penkop en Drawwertjie dra 'n rooi, wit of blou gholfhemp met die geborduurde wapen, met 'n blou broek/romp, verkieslik van 'n denim materiaal.

As formele drag word die erkenningsbaadjie, waarop die kentekens aangewerk word, bo-oor die hempie gedra.

Voorskrifte hieroor sal u vind in die reglement vir Voortrekkerdrag.

Inligting wat aan die ouers deurgegee moet word: Maak die nodige hoeveelheid afskrifte van die volgende of gebruik soortgelyke vorms wat deur u kommando verskaf word om die inligting aan die ouers te gee.

<b>Kommandonaam:</b>	<b>Spannaam:</b>
Adres	Offisier
Telefoon	Telefoon
Kommandoleier	<b>Spanbyeenkoms:</b>
Telefoon	Plek
	Tyd
<b>Koste van:</b>	<b>Kampe:</b>
Ledegeld per jaar	Spankamp
Betaalbaar teen	Kommandokamp
Gholfhemp	Oordkamp
Erkenningsbaadjie	Gebiedskamp
Kentekens	Uitstappies
Werkboek	Ander

**Inlywings geleentheid:**

Elke nuwe Penkop en Drawwertjie word tydens 'n amptelike geleentheid, wat normaalweg deur die kommando gereël word, ingelyf. Iets spesiaals moet van die geleentheid gemaak word en dit moenie as 'n lastige formaliteit afgehandel word nie. Die inlywing kan dalk bepalend wees hoe lank die jeuglid 'n Voortrekker sal bly.

Die ouers moet na die geleentheid uitgenooi word waartydens die nuwe jeuglid die belofte hardop aflê omdat hy graag 'n Voortrekker wil wees. Al die aanwesige Voortrekkers is in formele Voortrekkerdrag. Die aflê van die belofte is **altyd** 'n plegtige, formele geleentheid. 'n Spesiale persoon soos die Gebiedsleier, Oordleier, Kommandoleier, of 'n Erelid neem die plegtigheid waar.

Die nuweling moet aan die volgende **inlywingsvereistes** voldoen:

1. Die belofte ken en verstaan (soos dit van sy ouderdomsvlak verwag kan word) en dit tydens die inlywing kan op sê of agterna sê as 'n offisier dit voorlees.
2. Die Voortrekkerwapen kan herken.
3. Die Voortrekkervlag herken.
4. Die korrekte Voortrekkerdrag besit en dra.
5. Basiese drilbewegings naamlik: aandag en op die plek rus kan uitvoer.
6. Die Voortrekkersaluut kan doen.

**1 INLYWINGSVEREISTES****1.1 DIE PENKOP- EN DRAWWERTJIE BELOFTE****My Belofte**

Ek sal oral en altyd probeer om 'n Voortrekker te wees,  
om gehoorsaam te wees,  
om my volk, my land en my medemens te dien  
en bo alles die Here lief te hê.

Wat is 'n Belofte?

'n Belofte is 'n versekering (kontrak) om te doen wat ek gesê het, want my woord is my eer.

'n Belofte moenie ligtelik gemaak word nie, want mens breek nie 'n belofte nie.

Wanneer 'n mens inwillig om iets te doen of by te dra tot iets, dan behoort jy ook bereid te wees om 'n belofte af te lê.

In die latere lewe word daar ook beloftes afgelê soos byvoorbeeld by belydenisaflegging in die kerk, die troubelofte en die doopbelofte. Beloftes aan meerderes, gelykes en minderes is ewe belangrik.

**AANBIEDING**

*Probeer om die begrip tuis te bring deur middel van 'n storie, 'n poppekas of selfs 'n opvoering deur 'n ouer span. 'n Belofte moet nagekom word al word dit aan wie ook al gemaak. Daarom moet 'n mens baie seker wees voordat 'n belofte afgelê word.*

Wat beteken die belofte?

Ek sal	gemotiveerd om iets te wil doen
oral	op enige plek
altyd	aanhoudend
probeer	al gaan ek dit nie die eerste keer regkry nie
'n Voortrekker te wees	alles te doen wat van my as Voortrekker verwag word
gehoorsaam	te luister sonder redekawel
my volk	die mense wat net soos ek leef, dink en doen
my land	die plek waar ek woon en sy mense
my medemens	die mense rondom my
te dien	om te gee vir ander en te help
bo alles	die belangrikste
die Here lief te hê	om aan Hom gehoorsaam en getrou te wees

Die Penkop en Drawwertjie moet die belofte ken en verstaan (soos dit van sy ouderdomsvlak verwag kan word) en dit tydens die inlywing kan opsê of agterna sê as 'n offisier dit voorlees. Terwyl die belofte afgelê word, moet die saluut geneem word. Die aflê van die belofte is altyd 'n plegtige formele geleentheid. Die Penkoppe en Drawwertjies hou van aandag en moet op 'n plek ingelyf word waar hulle gesien kan word.

Wat doen jy met die Penkop en Drawwertjebelofte?

Die belofte word nie net eenmalig gebruik om die Penkop en Drawwertjie ingelyf te kry nie, maar moet voortdurend "gebruik" word, byvoorbeeld:

- Dit kan aan die begin of einde van 'n spanbyeenkoms voorgelees word.
- Die span kan dit saam opsê nadat spangodsdiens gehou is.
- Die belofte en spanlied behoort 'n inskrywing op elke byeenkoms se program te wees.
- Laat die Penkop en Drawwertjie, na sy inlywing, op die werksblad aantekene wanneer, deur wie en waar hy ingelyf is.

**AANBIEDING**

1. *Om die belofte bloot woord vir woord te leer, mag aan die skool herinner. Lees dit vir die eerste paar byeenkomste gereeld aan die spanlede voor, sodat hulle daaraan gewoond kan raak. Breek dit dan in sinsnedes op en skryf dit op karton neer. Laat die span die belofte stuk vir stuk aanleer en plak dit op die muur in die spankamer soos die span vorder.*
2. *Moenie alles tydens een geleentheid behandel nie, maar behandel die betekenis soos die belofte aangeleer word. Dit sal van u afhang of die belofte 'n "lewenswyse" gaan word. Herinner die spanlede gedurig aan wat hulle beloof het om sodoende koers aan hulle in die lewe te gee.*
3. *Gee aan die Penkop en Drawwertjie ook geleentheid om te sê hoe hy die betekenis van die belofte sien, stel reg waar nodig, maar luister fyn na wat die kind sê en hoe hy dit sien. Dit kan dalk aantoon hoe jy moet optree om die regte leiding te gee.*



## 1.2 DIE VOORTREKKERWAPEN

### Wat is 'n wapen?

'n Wapen is 'n uitkenningsteken vir 'n groep, beweging of vereniging. Die tradisie dateer uit die Middeleeue toe ridders sekere sinnebeelde op hul skilde uitgewerk of geskilder het. So 'n wapen of uitkenningsteken het 'n groot gevoelswaarde vir die lede van die groep gehad en dit was vir hulle dikwels die sinnebeeld van hul voortbestaan, waarvoor hulle dan sou veg tot die bitter einde toe. So het elke land, provinsie, stad, dorp, inrigting, kerk, skool en vereniging vandag sy eie wapen of ken-teken wat hom onderskei van ander soortgelyke instellings. Net soos 'n skool 'n wapen het wat spesiaal vir die skool ontwerp is, so het ons Voortrekkers ook 'n wapen wat spesiaal vir ons ontwerp is. Een van die stigterslede van *Die Voortrekkers*, **prof B Taute**, het die idee van die wiel en 'n fakkel vir ons wapen voorgestel, en ons eerste Hoofleier, **dr N J van der Merwe**, het die mooi leuse HOU KOERS vir ons gegee.

### Waarom het *Die Voortrekkers* 'n wapen?

'n Kenteken is gewoonlik gebaseer op dit waarvoor die beweging staan met 'n aanduiding daarby van die doel en strewe en toekomsideale van die instelling of organisasie. Dit is dus vanselfsprekend dat 'n beweging soos *Die Voortrekkers* 'n wapen of uitkenningsteken sal hê. Aangesien *Die Voortrekkers* 'n kultuurbeweging vir die Afrikanerjeug is, lê dit voor die hand dat 'n uitkenningsteken gekies is wat gebaseer is op die volksverlede van die Afrikanervolk met 'n baie duidelike aanduiding daarby wat die ideale van die Beweging is.

### Hoe lyk die Voortrekkerwapen?

Die wapen bestaan uit die voorwiel van 'n kakebeenwa, 'n brandende fakkel en die leuse van *Die Voortrekkers* onderaan, naamlik "HOU KOERS". Die rooi, wit en blou van die Voortrekkervlag is ook die kleure van die wapen.



### Die boodskap van die Voortrekkerwapen

#### **Die voorwiel van 'n kakebeenwa met tien speke**

Daar is 'n speek vir elke bepaling van die Voortrekkerkode. Die wiel is silwer. (Om die wiel in te kleur, gebruik 'n gewone sagte potlood en kleur liggies en egalig in, dan lyk dit baie soos silwer). Die boodskap wat die wiel uitdra, is een van beweging en vooruitgang en dit dui op lewe.

#### **'n Brandende fakkel**

Die fakkel is wit met 'n rooi vlam en word met 'n blou lint aan die wiel vasgemaak. Hier gebruik ons die drie Voortrekkerkleure. Net soos die vlam vir ons lig gee, gebruik ons dit as simbool van ons geloof in God wat vir ons die lig op ons lewenspad is. 'n Vlam kan versprei en kan 'n groot vuur veroorsaak. Voortrekkers behoort ook hulle kennis en liefde vir God en hul land na ander te versprei en daardeur 'n verskil te maak.


#### **'n Blou lint met die woorde van ons leuse: Hou Koers**

Die leuse spoor ons aan om doelgerig te lewe. Die Bybel is vir ons soos 'n kompas wat die rigting aandui. As ons die rigting volg wat daardie kompas aandui sal ons koers kan hou na ons ewige doel.

### AANBIEDING

1. *Bogenoemde inligting hoef nie alles aan die kleiner kind oorgedra te word nie. U ken u span en weet waartoe hulle in staat is. Gee die inligting so eenvoudig moontlik aan hulle.*
2. *Gee die vorige week opdrag dat die span prentjies van wapens moet saambring, ook 'n kleurafdruk van die Voortrekkerwapen. Sorg u ook vir 'n klompie. Probeer om saam met hulle vas te stel wat die verskillende wapens se boodskap is.*
3. *Gesels dan met die span oor wat 'n wapen is en wat die nut daarvan is.*
4. *Laat hulle self vasstel waar die wapen op die formele Voortrekkerdrag voorkom.*
5. *Laat die Penkoppe en Drawwertjies die Voortrekkerwapen herken.*

### 1.3 DIE VOORTREKKERVLAG



#### Wat is 'n vlag?

'n Eie vlag is 'n teken van 'n volk of organisasie of 'n skool se onafhanklike bestaan. Dit beteken dat die volk, organisasie of skool hulle "eie baas" is. Hulle reël en bedryf dinge soos dit hulle pas en by hulle doen en late inpas en geen buitestaander skryf aan hulle voor nie. So 'n uitkenningsteken is gewoonlik die trots van 'n land se mense, 'n skool se leerlinge of 'n organisasie se lede. Mense is ook bereid om op te offer ter wille van die behoud van 'n vlag. Selfs oorloë is al gevoer vir die behoud van 'n vlag. 'n Vlag kan vir 'n volk selfrespek gee en motiveer.

#### **Die Voortrekkervlag**

Die vlag bestaan uit rooi, wit en blou driehoëke. Die rooi driehoek is aan die bokant van die vlag met die skerp punt van die wit driehoek die naaste aan die vlagpaal. Die vlag was oorspronklik die vlag van die eertydse Republiek Natalia. Toe *Die Voortrekkers* in 1931 gestig is, het ons eerste onderhoofleidster, mev. M. M. Jansen, voorgestel dat hierdie vlag vir *Die Voortrekkers* aanvaar word. Mev. Jansen het ook self die eerste vlag gemaak wat op 30 September 1931 deur genl J. B. M. Hertzog aan *Die Voortrekkers* oorhandig is.

Die Vlaglied

*Nooit hoef jou kinders wat trou is te vra:  
 Wat beteken jou vlag dan Suid-Afrika?  
 Ons weet hy's die seël van ons vryheid en reg  
 Vir naaste en vreemde, vir oorman en kneg;  
 Die pand van ons erf'nis, geslag op geslag,  
 om te hou vir ons kinders se kinders wat wag:  
 Ons nasie se grondbrief van eiendomsland,  
 Uitgegee op gesag van die Hoogste se hand.  
 Oor ons hoof sal ons hys, in ons hart sal ons dra,  
 Die vlag van ons eie Suid-Afrika.*

Woorde: C. J. Langenhoven


Toonsetting: F. J. Joubert

**AANBIEDING**

1. Kry die vlag gereed. U kan ook 'n stormvlag vir die geleentheid gebruik.
2. Vertel hoekom ons 'n vlag het.
3. Wys daarna hoe die vlag lyk. Laat die spanlede die vlag hanteer en self die verskillende kleure en dele uitwys.
4. Wys hoe die vlag aan die paal hang en laat hulle self oplet watter deel bo is.
5. Die jong Penkoppe en Drawwertjies is lief vir parades en daarom moet hulle gereed saam met die res van die kommando daaraan deelneem.
6. Die aanleer van die woorde van die Vlaglied kan oor 'n aantal vergaderings strek. Om die wysie aan te leer kan 'n groter Penkop en Drawwertjiespan gevra word om te kom saam sing.

**1.4 VOORTREKKERDRAG**

Die volgende kentekens moet voor inlywing op die nuweling se erkenningsbaadjie aangebring wees.



**Vir inlywing is formeledrag 'n vereiste.**

## 1.5 BASIESE DRILBEWEGINGS

### Aandag.

Die bevel klink so: "A--a--n-dag"

Die "aan" gedeelte laat jou luister, op die "dag" gedeelte word die volgende beweging uitgevoer:

- Hou die regtervoet stil en die regterknie reguit.
- Sit jou linkervoet flink langs jou regtervoet neer.
- Almal se voete kom presies gelyktydig op die grond neer sonder **om dit te stamp**.
- Die arms beweeg gelyktydig na die sye.
- Die gewig is nou op albei voete.
- Die vingers is gebuig maar nie gebal nie.
- Die houding:
  - Liggaam is regop.
  - Kop regop en kyk reguit vorentoe.
  - Skouers is nie opgetrek nie maar effe na agter en die bors stoot natuurlik uit.
  - Die arms hang reguit van die skouers af.
  - Elmoë is teen die sye en die gewigte is reguit.



Die "aandag" posisie word gebruik waar 'n groep netjies moet aantree en/of respek moet betoon.

### Op die plek rus

Die bevel klink so: "Op die pl--e--k- rus"

- Hou die regtervoet stil en die regterbeen reguit.
- Sit die linkervoet 'n entjie van die regtervoet af neer.
- Die gewig is op albei voete.
- Almal se voete kom gelyktydig op die grond neer sonder om te stamp.
- Saam met die voete beweeg die hande met die kortste pad na agter die rug.
- Die agterkant van die regterhand lê in die palm van die linkerhand en die regterduim is oor die linkerduim gekruis.
- Die houding is nou:
  - Die arms is gestrek agter die rug en die bene is reguit.
  - Die tone is effe na buite gedraai.
  - Kop regop en kyk vorentoe.
  - Die liggaam is nog steeds gestrek en flink.



"Op die plek rus" word gebruik om die groep tydens 'n seremonie gemaklik maar tog netjies te laat staan.

Aangesien die ontvang en die uitvoer van bevels vir die nuweling vreemd is, moet die basiese bewegings vir hom aangeleer word voordat hy ingelyf word.

## 1.6 DIE SALUUT

Die saluut word uitgevoer vanuit die “aandag”-posisie.

Dit is 'n vorm van eerbetoon en word dus gebruik op 'n voorgeskrewe manier.

- Die regterhand word uit die aandag-posisie met die kortste pad opgelig na die linker bors sodat die wysvinger aan die sleutelbeen raak.
- Die vingers is gestrek en saam met die hand, gewrig en voorarm vorm dit 'n reguit lyn en die duim bly teenaan die ander vingers.
- Wanneer die saluut gebruik word tydens die aflegging van 'n belofte of tydens 'n vlagseremonie moet die saluut vir die volle duur van die belofte of die lied gehou word.
- Sou vlagdraers die vlage na 'n hysing salueer is dit net vir twee tellings.
- Na die saluut word die hand weer afgebring na die sy, die hand vou toe vir die aandag posisie.
- Die hand mag nie teen die broek of romp klap nie.



## EK AS MENS

### DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie te help om tot 'n gebalanseerde tiener te ontwikkel.

### INHOUD

1. My persoonlikheid
  2. My lewensloop
  3. My gesin
  4. My herkoms
  5. Selfhandhawing
  6. Groepsdruk
  7. My ontwikkeling as leier
- 

### AANBIEDING

1. *Tegniese sal saam met elke onderwerp gegee word. Indien u ontuis met die onderwerpe voel, is u meer as welkom om van kenners gebruik te maak. Moet egter nie die werk uitlaat nie. Dit is baie nodig.*
2. *U het hier wonderlike geleenthede tot opvoeding en om leiding te gee, benut dit terdeë.*
3. *Wees sensitief vir gebroke gesinne en ander gesinsprobleme.*

## 1 MY PERSOONLIKHEID

### DOEL

1. Dat die Penkop en Drawwertjie sal beseft dat die Here elke mens besonders geskape het.
2. Dat die Penkop en Drawwertjie kan weet dat dit normaal is om positief of negatief te voel ten opsigte van bepaalde aspekte van sy persoon.
3. Dat die Penkop en Drawwertjie beseft dat geen beeld vir altyd negatief of positief is nie, maar dat elke mens 'n keuse het hoe hy homself wil sien.

### AANBIEDING

1. *Voordat u hierdie onderwerp aanpak sal dit raadsaam wees om die volgende twee boeke te lees.*

*Ampie Barnard*

*Jy en jou selfbeeld*

*Lien van Niekerk en Dirkie van der Spuy*

*Tieners gereed vir die lewe*

2. *Aangesien die hantering van die onderwerp van span tot span en van kind tot kind sal verskil, kan ons nie riglyne gee vir die aanbieding hiervan nie. Die genoemde twee boeke sal u van die nodige raad en agtergrond voorsien.*
3. *Wees sensitief vir 'n kind wat slegs 'n gebeurtenis noem en nie spontaan daarop uitbrei nie. Moenie die kind in die verleentheid stel deur nuuskierige vrae te vra nie.*
4. *Laat die spanlede die opdrag in die werkboek uitvoer terwyl rustige musiek speel.*

5. Vra dan die volgende vrae:

- Hoe het dit gevoel om so identiteitsloos soos 'n spieël te wees?
- Was dit maklik om 'n akteur te wees? Hoekom? Hoekom nie?
- Wie wil jy graag wees? Akteur of spieël? Hoekom?

6. Uit hierdie oefening behoort hulle agter te kom dat dit nie maklik is om iemand anders te wees nie. Dit is altyd makliker om die persoon te wees wat die Here wil hê jy moet wees, naamlik jouself. Soms gebeur daar egter dinge wat dit vir jou moeilik maak om net jouself te wees, want ander se opinie van jou bepaal in 'n groot mate wat jy van jouself dink.

7. U kan die kind 'n plakskildery laat saamstel uit prente in tydskrifte van dit waarvan hulle hou, wie hulle graag wil wees en wat hulle graag wil doen. Al die prente word dan op 'n sinvolle en interessante manier op 'n karton geplak. Die collage kan ook gebruik word om te bepaal watter doelwitte die kind vir homself stel vir die toekoms.

8. Help die kind met die selfkonsepwiël. Hou in gedagte dat "5" die ideaal is.

## 2 MY LEWENSLOOP

### DOEL

1. Die Penkop en Drawwertjie moet leer om te verstaan dat die lewe vol hoogte- en laagtepunte is.
2. Die Penkop en Drawwertjie moet beseft dat elke mens die reg het om dinge op 'n unieke manier te beleef.
3. Die Penkop en Drawwertjie moet leer dat elke mens die outeur van sy eie lewe is en verantwoordelikheid vir sy besluite en daede moet aanvaar.

Elke mens se negatiewe of positiewe siening van homself word bepaal deur alles wat met hom gebeur en hoe hy dit beleef. Hierdie belewenis is uniek. Geen twee mense beleef dinge wat met hulle gebeur op dieselfde wyse nie. Onthou: **Wat met jou gebeur, is minder belangrik as hoe jy dit hanteer.** Jou gemoedstoestand en die oomblik se omstandighede het ook 'n invloed op jou hantering van 'n situasie. Een persoon kan in 'n rugbywedstryd sy been breek en dit as 'n vakansie beskou, terwyl die volgende persoon 'n soortgelyke gebeurtenis as uiters traumaties en verpletterend mag beleef. Ons beleef nooit enigiets wat met ons gebeur as "gevoelloos" of "neutraal" nie. Die enigste keer wat ons lewenslyn reguit loop, is die dag waarop ons gebore word en die dag waarop ons doodgaan (sien skets)


Geboorte —————> Sterfte Figuur 1

'n Lewenslyn loop normaalweg op en af. (sien skets onder) Alles wat met ons gebeur, beleef ons as goed of sleg, mooi of lelik, lekker of aaklig.



Figuur 2

'n Mens se lewenslyn het selde sulke sagte op- en afkurwes soos in figuur 2. Jou lewe verloop normaalweg met skerper laagte- en hoogtepunte. Die pieke en dale in jou lewenslyn gaan afhang van hoe positief of hoe negatief jy bepaalde gebeurtenisse of omstandighede beleef het. (Figuur 3)

**Hoogtepunte****Laagtepunte**

Figuur 3

**AANBIEDING**

1. Nadat almal lekker saamgesels het kan u vir elkeen kans gee om na die inligting in sy werkboek te kyk.
2. Gee hierna geleentheid dat hulle 'n grafiek met hul lewensloop voltooi.
3. Laat elkeen sy verhaal soos wat hy dit op sy lewenslyn geteken het, vertel en die hoogte- en laagtepunte aan die res van die groep verduidelik.
4. Hoe hanteer ek my hoogte- en laagtepunte?

**Ten spyte van alles - die Here is in beheer**

**Boeke wat u kan gebruik**

*Ampie Barnard*

*Lien van Niekerk en Dirkie van der Spuy*

*Charl Cilliers, Japie Coetzee en Jeanette de Klerk*

*Jy en jou selfbeeld*

*Tieners gereed vir die lewe*

*Ek en ander*



### 3 MY GESIN

#### DOEL

1. Die Penkop en Drawwetjie moet verstaan dat geen verhouding gesond kan wees wanneer 'n mens nie toegewyd daaraan werk nie.
2. Die Penkop en Drawwetjie moet onderneem om voortaan moeite te doen om te werk en te bou aan verhoudinge.

---

In die Bybel is daar beginsels wat betrekking het op die wyse waarop die gesin teenoor mekaar behoort op te tree.

- Kinders moet hulle ouers respekteer en liefhê. (Dit is een van die Tien gebooie in Ekodus 20:12) In Spreuke 23:22 - 25 en Spreuke 30:17 maan Salomo dat kinders hulle ouers te alle tye moet respekteer. Dit sê Salomo ten spyte van die feit dat sy ouers, Dawid en Batseba, die gesin tot niet laat gaan het, owerspel gepleeg het en dat hulle beheer oor hulle kinders verloor het.
- Dit is nie net kinders wat hulle ouers moet respekteer nie. Ouers moet hulle kinders so opvoed dat hulle nie opstandig raak nie. (Efesiers 6:1-4) Volgens die teksgedeelte word daar nie van ouers en kinders verwag om altyd oor alles met mekaar saam te stem nie. Die verskille is nie die probleem nie, **maar die wyse waarop dit hanteer en opgelos word.**
- Gesinne kan mekaar nie kies nie. Tog wil die Here hê dat gesinne mekaar moet geniet (Spreuke 17:6). Om in vrede met mekaar saam te leef of gelukkig in mekaar se geselskap te wees, gebeur nie sonder moeite nie. 'n Mens moet hard werk aan goeie verhoudings.
- Soms gebeur daar egter dinge wat dit moeilik maak om mekaar te respekteer of om 'n gesonde verhouding met gesinsgenote te handhaaf. Elkeen moet egter sorg dat hy sy verantwoordelikheid in enige verhouding nakom.

#### AANBIEDING

1. *Dit is belangrik dat die offisier die spanlede se huislike omstandighede moet ken.*
2. *Gebruik die boek "Tiener gereed vir die lewe" deur Lien van Niekerk en Dirkie van der Spuy en "Ek en ander" deur Charl Cilliers, Japie Coetzee en Jeanette de Klerk om u van die nodige agtergrond te voorsien.*
3. *Hou spanlede fyn dop vir enige spanning en skep geleentheid vir gesprek.*
4. *Moontlike metodes vir hantering:*
  - *Skep die regte atmosfeer vir gesprekvoering.*
  - *Laat spanlede foto's van hul familie bring en gee geleentheid vir gesprek.*
  - *Laat spanlede hulle familiefoto's in 'n enkele raam monteer.*
  - *Laat hulle die opdrag in die werkboek voltooi nadat u saam met hulle die werk deurgegaan het.*
5. *Bespreek die situasies in die werkboek en moedig deelname aan die gesprek aan.*

## 4 MY HERKOMS

### DOEL

1. Die Penkop en Drawwetjie moet weet dat elke mens 'n familiestamboom het.
  2. Die Penkop en Drawwetjie moet weet hoe sy familiestamboom daar uitsien.
  3. Die Penkop en Drawwetjie moet trots wees op sy herkoms.
  4. Die Penkop en Drawwetjie moet seker wees dat daar ook 'n hoopvolle toekoms wag.
- 

### 4.1 NAME

Alle mense het name. Name is soos etikette. Dit kom in allerlei groottes en vorms en gee aan die draer daarvan 'n bepaalde identiteit. Name kan familienamewees, saamgestelde name of name wat vir 'n kind gegee is bloot omdat dit vir die ouers mooi was. Afgesien van 'n naam en 'n van het sommige mense ook byname of troetelname.

### AANBIEDING

*Lei 'n kort bespreking en gebruik bogenoemde as inleiding om met die spanlede te gesels oor hulle name en waar dit vandaan kom. Die gesprek kan u gebruik om die besef by die kind tuis te bring dat elke mens iewers vandaan kom, dat hy iewers behoort en dat elkeen 'n bepaalde identiteit het. Hierdie identiteit word gekoppel aan 'n bepaalde stamboom. Elke mens het 'n stamboom of geslagsregister wat aandui wie sy voorgeslagte is.*

### 4.2 DIE STAMBOOM

Die saamstel van 'n stamboom vereis dikwels heelwat navorsing omdat die registrasies van geboortes eers sedert die begin van die twintigste eeu verpligtend in Suid-Afrika geword het. Die gegewens van oupas en oumas wat in die vorige eeu gebore is, kan verkry word uit die doopinskrywings van pa en ma. Alle kerke het doopregisters waarin die gegewens opgeteken is. Sels huwelikregisters kan geraadpleeg word. 'n Ander bron is 'n sterftekennisgewing, wat vyf jaar na die afhandeling van die persoon se boedel by die staatsargief besigtig kan word. Dit is 'n dokument wat deel vorm van 'n persoon se boedel, wat aangemeld word in die provinsie waar hy laaste gewoon het. Wanneer aansoek gedoen word vir 'n sterfsertifikaat moet die sterfdatum gemeld word, maar ander nuttige inligting kan ook daarop verstrekk word. Om 'n stamboom saam te stel moet begin word by die stamvader en die stamland waarvandaan hy gekom het. Die Staatsargief hou hierdie inligting.

Sommige vanne soos Smith kan probleme gee want Smith kan Nederlands, Engels of Duits wees. Net so kan vanne totaal verander, soos Bruer wat Bruwer geword het.

### 4.3 FAMILIEWAPENS

Net soos skole almal vandag wapens het so het baie families 'n familiewapen. Die registrasie van 'n familiewapen by die **Buro van Heraldiek** is egter nie verpligtend nie. Enige persoon wat graag 'n familiewapen wil hê, kan een vir homself teken. Die meeste families gebruik die wapen wat oorspronklik uit Europa kom, maar moet vir elke lid apart geregistreer word.

**AANBIEDING**

1. Omdat dit 'n redelike onbekende onderwerp vir die kinders is, geniet hulle dit baie. U sal egter goeie voorbereiding moet doen of reël met iemand wat die onderwerp prikkelend kan aanbied. Dit sal nodig wees om die volgende woorde goed te verduidelik. Maak gebruik van verskillende woordeboeke:

<i>stam</i>	<i>stamland</i>	<i>stamvader</i>	<i>sterfteskennis</i>
<i>stamboom</i>	<i>sterfdatum</i>	<i>nooiensvan</i>	<i>geboortesertifikaat</i>
<i>familie</i>	<i>familiename</i>	<i>familiewapen</i>	<i>geslagregister</i>
<i>boedel</i>	<i>kwartierstaat</i>	<i>doopseël</i>	<i>sterftesertifikaat</i>

2. Lees eers die inligting deur. Doen moeite om meer inligting te bekom. Die boeke wat later vermeld word sal dalk help.
3. Dit sal 'n goeie prikkeling wees as u saam met die span inligting in verband met u familie versamel en met hulle daaroor gesels.
4. Gebruik die inligting in u handleiding en naslaanboeke om die gesprek te lei. Daarna kan u aan die hand van die opdragte in die werkboek verdere inligting oordra.
5. Gee vooraf aan u spanlede opdrag om die volgende inligting te begin versamel:
- ❖ *Herkoms van sy naam.*
  - ❖ *Die familie se stamland.*
  - ❖ *Wie was die stamvader.*
  - ❖ *Foto's van familie - pa/ma, oupa/ouma.*
  - ❖ *Die familiewapen.*
6. Voltooi opdragte in die werkboek.

**Boeke wat u kan gebruik**

Lombard R.T.J.	Handleiding vir genealogiese navorsing in SA (Vroeër te koop by die RGN in Pretoria)
De Villiers C.C. en Pama C.	Geslagregisters van die ou Kaapse families
Pama C.	Die groot Afrikaanse familienaamboek
Le Roux J.G.	Hugenotebloed in ons are
Heese J.A. en Lombard R.T.J.	Suid-Afrikaanse geslagsregister

## 5 SELFHANDHAWING

### DOEL

1. Die Penkop en Drawwetjie moet weet wat die verskil is tussen passiewe, aggressiewe en selfhandhawende optrede.
2. Die Penkop en Drawwetjie moet weet hoe om selfhandhawend op te tree.
3. Die Penkop en Drawwetjie moet weet hoe om druk van die portuurgroep te hanteer.

---

Frustreer dit jou wanneer mense “hm” en “ha” en nie baie duidelik sê wat hulle bedoel nie? Of wanneer mense nie standpunt inneem wanneer hulle van iemand verskil nie, maar voorgee dat alles reg is? Sal jy so iemand vertrou? Die Bybel sê in Matteus 5:37 “Laat julle "ja" eenvoudig "ja" wees en julle "nee", "nee".” Dit is nie maklik nie! Soms is dit moeilik om te erken dat jy ander behoeftes as jou vriendekring het of dat jy ‘n saak anders as hulle beskou. Tog is dit ‘n feit dat mense wat “hm” en “ha” die kans op ‘n misverstand vergroot omdat niemand weet wat eintlik gesê is of bedoel word nie.

Dink na oor die volgende voorbeeld: Jan se offisier het hom gevra om die spangeld vir die komende Voortrekkerkamp in te vorder. Jan het geweet hy het nie eintlik tyd daarvoor nie, maar tog gesê: “Ja goed, ek dink ek sal dit kan doen.” Die offisier het die inskrywingsvorme aan Jan oorhandig en hom gevra om dit binne die volgende twee weke af te handel. Twee weke later het die offisier gebel om te hoor waar die inskrywingsvorme wat Jan moes afhandel, is. Jan het steeds nie die opdrag uitgevoer nie.

- Watter advies sal jy aan iemand gee vir wie dit moeilik is om "nee" te sê?
- Wat moes Jan in die eerste plek gedoen het of nie gedoen het nie?

In baie gevalle is mense geneig om ander mense tevrede te wil stel. Dit is mense wat nooit geleer het om "nee" te sê nie. Hulle is nie in staat om hul verwagtinge en behoeftes behoorlik aan ander oor te dra nie. Dit kan die gevolg wees van ‘n swak selfbeeld of die vrees vir konfrontasie.

Iemand wat vir almal en alles “ja” sê is passief. Daarteenoor staan die mens wat nooit saamstem nie, wat niemand anders se standpunt duld of behoeftes in ag neem nie. So ‘n persoon is selfgesentreerd en is gewoonlik aggressief. Die derde groep is die mense wat duidelik hul standpunt stel sonder om die ander persoon te na te kom. Hulle is selfhandhawend.

Kom ons kyk na die verskille tussen die drie optredes soos uiteengesit in die *werkboek*.

‘n Mens kan ook aan die woorde wat mense gebruik wanneer hulle praat, te wete kom of hulle passief, aggressief of selfhandhawend in hulle optrede is. Sien die tabel in die *werkboek*.

Gee aan elke kind die geleentheid om die volgende vrae te beantwoord:

- In watter situasie verkies jy om passief op te tree? Hoe laat dit jou voel om passief en sonder stem te wees? Hoe kan jy dit verander?
- In watter situasie verkies jy om aggressief op te tree? Hoe reageer die persoon teenoor wie jy aggressief is? Hoe kan jy dit verander?
- In watter situasie verkies jy om selfhandhawend op te tree? Hoe reageer mense teenoor jou wanneer jy hulle standpunte ook akkommodeer?

Bespreek situasies 1-4 in die *werkboek* aangegee. Moedig die kind met 'n meer passiewe- of aggressiewe gedragstyl aan om te eksperimenteer met selfhandhawende gedrag. Laat hulle terugrapporteer of mense anders optree wanneer hulle minder passief of aggressief is.

Hierdie onderwerp moet deur die hele jaar aandag kry. Gryp die geleenthede aan soos hulle voorkom. Lei die kinders om te besef dat besluite/keuse gebaseer moet word op waardes en norme, dat die Bybel alle waardes en norme bepaal. **Dit is ook belangrik dat hulle moet besef dat hulle verantwoordelik is vir hulle keuses en besluite en so ook vir die gevolge daarvan.**

**Werk saam met hulle deur die opdragte in die *werkboek***

## 6 GROEPSDRUK

### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie van kennis te voorsien om negatiewe en positiewe groepsdruk te herken.
2. Om die Penkop en Drawwertjie van kennis te voorsien om negatiewe groepsdruk te weerstaan.
3. Om die Penkop en Drawwertjie van kennis te voorsien om positiewe groepsdruk te gebruik.

---

Die inligting wat hier volg is om vir u as offisier van agtergrond te voorsien om die hoofstuk met u span aan te pak.

In samesyn met sy portuurgroep gaan die tiener skool, neem hy aan sport deel en ontspan hy op die speelterrein en elders. Die portuurgroep bied geselskap en dien as klankbord vir die tiener en sy menings. Somtyds raak hierdie mening temas wat tieners nie in die teenwoordigheid van volwasse nes kan of wil bespreek nie, byvoorbeeld ouers, onderwysers en sekere persoonlike probleme. Dit is daarom begryplik dat die portuurgroep 'n belangrike invloed op die tiener se lewe het.

Die lede van 'n portuurgroep het gewoonlik bepaalde voorkeure ten opsigte van kleredrag, taalgebruik, gewoontes, musiek, en so meer. Om as lid van 'n bepaalde groep aanvaar te word, moet die tiener by die groep kan inpas. Omdat die tiener graag lid van 'n groep wil wees, sal hy dikwels sy beginsels versak ten einde aanvaar te word. Soms behels dit dat hy soos die lede van die groep moet rook, drink of dwelms gebruik.

Die tiener vind dit soms moeilik om "nee" te sê of om van sy maats te verskil. Vrees vir verwerping en om "uit" te wees, dwing hom dan om teen sy sin aan portuurgroepsdruk toe te gee. Na die tyd voel hy skuldig en beleef spanning omdat hy meedoen aan iets wat soms lynreg teen sy beginsels en opvoeding indruis.

Portuurgroepsdruk is kragtig en moeilik om te weerstaan. Dit is makliker om toe te gee en saam met die groep te gaan. In die algemeen het tieners wat nie portuurgroepsdruk kan weerstaan nie, probleme om dié te aanvaar wat dit wel kan weerstaan.

As die groepsdruk te groot word, probeer die tiener verskonings vind vir die rede waarom hy toegee. Hy probeer homself daarvan oortuig dat almal tog nie verkeerd kan wees nie.

Om aan portuurgroepsdruk toe te gee, kan beteken om byvoorbeeld maagdelikheid, uniekheid en selfrespek te verloor. Al ly die tiener daarna aan skuldgevoelens, word dit telkens moeiliker om "nee" te sê. Die Bybel sê ook in 1 Korintiërs 15:33: "Slegte geselskap bederf goeie sedes."

Is dit vir die tiener moontlik om aanvaar te word sonder om aan negatiewe portuurgroepsdruk toe te gee? Die antwoord is JA. Die opdrag wat die Bybel gee, is: "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is." Romeine 12:2. Om portuurgroepsdruk ten opsigte van wêreldse standaarde te weerstaan, kan die tiener die volgende in gedagte hou:

- **Verwag druk.** Die tiener kan nie in hierdie wêreld leef sonder om druk te verwag nie. Die tiener wat weet dat hy in die een of ander stadium aan druk onderwerp gaan word, is nie verbaas of oorweldig wanneer dit die dag gebeur nie. Die Christientener weet waaruit om sy krag te put: "Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê, maar hou moed. Ek het die wêreld klaar oorwin." Johannes 16:33.
- **Weerstaan die druk.** Versoeking, vrees vir verwerping en redes wat aangevoer kan word om aan groepsdruk toe te gee, begin in die gedagtes. Daarom behoort gedagtes ook ingespan te word om druk te weerstaan. Weerstand beteken om voortdurend te vra: "Is dit wat God wil hê dat ek met my lewe moet doen? Is dit wat ek vir my lewe beplan het?" Die beste wyse om versoekings teen te staan, is om dit met iets opbouend te vervang. Vul die gedagtes met positiewe dinge en vermy dit doelbewus om aan negatiewe dinge te dink (Filipense 4:8) Die meeste tieners is nie sterk genoeg om op hulle eie weerstand te bied nie (1 Korintiërs 10:12-13). Om weerstand te bied, beteken dus ook om te bid en krag te vra.

- **Vermy versoekings.** Die tiener wat maklik swig voor versoekings, moet dit vermy. As daar van sy vriende is wat hom onder druk plaas om dinge te doen wat teen sy beginsels is, is dit die beste om hulle te vermy (Spreuke 13:21).
- **Bely sonde.** Geen sonde as gevolg van die toegee aan negatiewe groepsdruk, is so groot dat dit nie vergewe kan word nie, want, sê die Bybel in 1 Johannes 1:9 "... maar as ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid."

Portuurgroepsdruk kan ook **positief** wees alhoewel dit nie dieselfde mate van aandag geniet as negatiewe portuurgroepsdruk nie. Tog behoort die offisier ook kennis te neem van dié soort portuurgroepsdruk waarvoor die Christientener te staan kan kom.

- **Die uitdaging om goed te doen.** Groepsdruk kan die tiener motiveer om beter te presteer, om opbouende dinge te doen, om positief teenoor ander te wees, om op sy voorkoms te let en 'n kind van God te word.
- **Om vas te hou aan beginsels.** Een van die beste voorbeelde van iemand wat nie aan groepsdruk wou toegee ten koste van sy beginsels nie, is die 100 m atleet Eric Liddell, oor wie die fliek "Chariots of Fire" gemaak is. Hy het tydens die Olimpiese Spele in 1924 geweier om op 'n Sondag aan 'n wedloop deel te neem omdat dit teen sy beginsels was. Alhoewel hy heelwat vriende gehad het wat hom ondersteun het, het hy net soveel teenkating ondervind en is selfs 'n verraaier van die volk genoem.
- **Om standpunt in te neem.** Dit is nie maklik om 'n besluit te neem en dan daarby te hou nie. Van die twaalf spioene wat Moses na Kanaan gestuur het, het slegs Josua en Kaleb geglo dat die Israeliete die Kanaaniete kon oorweldig. Omdat niemand anders hulle geglo het nie, is Josua en Kaleb bykans om die lewe gebring. Hulle het nogtans by hul standpunt gebly omdat hulle geweet het van Wie en waar hulle kennis en krag is. (Numeri 13-14).

#### AANBIEDING

1. Lees die voorafgaande inligting met aandag deur voordat u die onderwerp aanpak.
2. Gebruik bekende gebeure en situasies om die boodskap oor te dra. Vrae soos:
  - ❖ Hou jy van Afrikaanse musiek?
  - ❖ Hoekom dra jy 'n sekere maak tekkies?
  - ❖ Sal jy (dogter) nou van al jou langbroeke ontslae raak en net rokke dra? Hoekom nie?
  - ❖ Gebruik voorbeelde wat die kind sal dwing om standpunt in te neem sodat hulle uit die bespreking kan leer hoe om van ander te verskil.
3. U kan van die inligting tydens 'n gemoedelike gespreksessie oordra. Dit is egter belangrik dat die onderwerp voortdurend moet aandag kry soos die jaar vorder.
4. Skep gedurende die jaar genoeg geleenthede vir hierdie gesprekke. Dit leer die kind om na ander te luister, te dink voor hy praat en te toe te gee indien hy verkeerd bewys word.
5. Woorde wat in die werkboek onder die kolomme, "Passief, selfhandhawing en aggressief" voorkom, kan in die gesprekke gebruik word.
6. Hierdie besprekings is ook waardevol vir die voorbereiding van die Voorslagkandidaat.
7. In die werkboek is daar 'n hoofstuk "Prospektus vir die Voorslagkandidaat". Gebruik die dele oor situasiehantering in daardie hoofstuk om u met die aanbieding te help.
8. Na die bespreking kan u die werk in die werkboek met die span bespreek.
9. Gebruik "Tieners gereed vir die lewe" van Lien van Niekerk en Dirkie van der Spuy vir verdere inligting.

## 7 MY ONTWIKKELING AS LEIER

### DOEL

1. Sodat die Penkop en Drawwertjie weet 'n leier is iemand wat teenkating moet kan verduur sonder om kwaad te word.
2. Dat die Penkop en Drawwertjie moet weet watter eienskappe nodig is om ander mense op 'n verantwoordelike wyse te lei.
3. Dat die Penkop en Drawwertjie moet weet dat 'n leier 'n groot verantwoordelikheid het om mense te lei om die gemeenskaplike doel op so 'n wyse te bereik dat die eindresultaat vir almal tot voordeel is.

---

### AANBIEDING

1. Laat kind die twee blokkies met lyne in hul werkboek bestudeer.
2. Gee vooraf opdrag aan twee van hulle om voet by stuk te hou dat lyn 3 die korrekte een is. Hulle moet die span probeer oortuig.
3. Na 'n kort redenasie tussen die spanlede gee u die regte antwoord (tweede streep in blok B is dieselfde lengte as die streep in blok A). Vra dan die volgende vrae:
  - Hoe het dit gevoel om te twyfel of jy die regte antwoord het?
  - Hoe voel dit om seker te wees van jou saak al is jy die enigste een wat so dink?
  - Watter eienskappe behoort 'n leier te hê? Hoekom?
  - Watter eienskappe behoort 'n volgeling te hê? Hoekom?
4. Laat die span nou die akroniem in hulle werkboeke voltooi.
5. Toets die eienskappe prakties. Kies 'n leier en 'n volgeling. Blinddoek die volgeling. Laat die leier die volgeling buite rondlei. Die volgeling is blind maar **kan en moet** praat. Die leier is stom en moet lei deur sy aksies.
6. Voer daarna 'n gesprek om die volgende te bepaal:
  - Het die leier sy volgeling veilig by die eindpunt besorg?
  - Hoe voel dit om blindelings te volg?
  - Het die volgeling genoegsaam oor sy wense en vrese gekommunikeer?
  - Hoe voel die leier oor iemand wat totaal van sy leiding afhanklik is?
  - Was jy as volgeling soms onseker?
  - Was die volgeling bereid om jou instruksies as leier te volg?
  - Watter eienskappe van 'n leier en 'n volgeling sal jy by die akronieme wil byvoeg?
  - Dink jy dat 'n leier ook soms 'n volgeling moet wees?
  - Watter leiers: Voortrekkers, geestelik, politiek, of ander, ken jy wat aan die bostaande eienskappe voldoen?
  - Is jy 'n leier eerder as 'n volgeling? Hoekom?
  - Ken jy mense wat leiersposisies beklee wat nie juis leiers is nie? Hoekom dink jy het hulle leiers geword?
7. Behandel die werk wat in die werkboek voorkom en gee aan die spanlede die geleentheid om die opdragte te voltooi.

8. *Gesels saam oor die take en opdragte soos in die werkboek.*

9. *Sang- en spelleiding:*

- *Skep deur die jaar geleenthede om aan al u spanlede die kans te gee om as spel- en sangleier op te tree. Dit sal aan die spanlid die gevoel gee van “in beheer wees” sonder die vrees vir ‘n groot verantwoordelikheid wat hy moet dra. Eenmalige optrede sal nie noodwendig die gewenste uitwerking hê nie. Gee meer geleenthede en maak voortdurend aanbevelings en regstellings.*
- *Sang- en spelleiding bied ‘n lekker informele manier om te “oefen” om as leier op te tree.*
- *U eie optrede wat sang- en spelleiding betref, moet korrek wees, want ‘n voorbeeld is ‘n baie beter leermeester as baie woorde.*
- *Die boek “Ondersteuning vir Penkop- en Drawwertjie Offisiere” sal hier vir u van groot waarde wees. Dra ook die inligting aan die jeuglede oor.*
- *Sang- en spelleiding kan ook as waardevolle voorbereiding vir die Voorslagkandidaat dien. Die sang- en spelleiding is saam met die optrede as seremonieleier by die vlagseremonies, die terreine waar leierskap in die graad 7 jaar gevestig en getoets word. Help u spanlede dus om dit deeglik onder die knie te kry sodat die aspekte van leierskap wat in die Verkennerjare kom vir hulle maklik sal wees.*





6. Gee aan die spanlede 'n bepaalde afstand op die kaart wat hulle dan moet omreken na die werklike afstand.
7. Herhaal 'n paar keer totdat hulle die begrip en tegniek verstaan.
8. Wys hoe die afstand oor kronkelpaaie tussen twee punte met 'n toutjie bepaal kan word. In die werkboek is 'n skets om te verduidelik hoe te werk gegaan word.
9. Gaan nou na buite waar die vier windrigtings met behulp van 'n kompas of horlosie vasgestel word. Maak gebruik van vlaggies waarop die letters N S O W aangebring is, om die rigtings uit te wys.

N

W

O

S

10. Maak gebruik van bakens (geboue, bome) in die omgewing. Herhaal bogenoemde oefening sodat die span kan vasstel watter baken is Noord, Oos, Suid of Wes van hulle.
11. Laat die span die opdrag in die werkboek uitvoer.
12. Gee aan die span opdrag om 'n kaart van hul onmiddellike omgewing te teken. Afstande is nog nie so belangrik nie, maar wel die begrip van rigting.

### **Topografiese kaart**

Wanneer bogenoemde begrippe en die praktiese gebruik daarvan behoorlik onder die knie is, kan u 'n topografiese kaart bekom. Die woord is afgelei van die Griekse woorde topos ('n plek) en grafos (skryf of teken). Die doel van topografiese kaarte is dus om die verskynsels op die aardoppervlak so akkuraat as moontlik op 'n kaart weer te gee.

### **AANBIEDING**

1. Wys daarop dat alle kaarte nie noodwendig dieselfde simbole gebruik nie. Die simbole en hul betekenis word op elke kaart aangegee. Ons noem dit die kaartsleutel of die legende van die kaart.
2. Gee geleentheid dat elkeen 'n denkbeeldige kaart met behulp van die tekens op ander kaarte teken. Daarna kan hulle kaarte ruil en probeer om mekaar se kaarte te "lees".
3. Doen nou die opdrag in die werkboek.

*Gereelde oefening is nodig om die kennis en vaardigheid vas te lê. Moet dus nie net tydens een of twee byeenkomste deur die jaar aan die werk aandag gee nie. Gebruik elke moontlike geleentheid vir verdere vaslegging.*

*As die onderwerp (soos alle ander) met entoesiasme aangepak word en u oor voldoende kennis en kreatiwiteit beskik, kan kaartwerk en rigtingbepaling 'n lekker "speletjie" word.*

## **2 METODES OM RIGTING TE BEPAAL**

### **2.1 DIE KOMPAS:**

Die kinders moet die kompas fisies hanteer. 'n Blote verduideliking is nie genoeg nie. Om die gebruik en werking van die kompas te begryp, moet ons eers vasstel wat ons verstaan onder die benaminge *Noord, Suid, Oos en Wes: die primêre rigtingspunte*. Soos elkeen weet, kom die son in die Ooste op en gaan in die Weste onder. As mens nou met jou gesig na die Ooste staan, dan is die Noorde aan jou linkerkant, die Suide aan jou regterkant en die Weste agter jou. Hierdie benaminge word ook die vier windstreke genoem en word gewoonlik soos volg aangedui: N S O W. Presies tussen die vier windstreke is daar halwe windstreke - Noordoos, Suidoos, Suidwes en Noordwes of NO SO SW NW.

Die kompas is 'n instrument wat dwarsdeur die wêreld gebruik word om rigting te bepaal. Dit is nie 'n uitgemaakte saak waar die eerste kompas gebruik is nie, maar die moderne kompas is die tipe wat deur lord Thomas Kelvin ontwerp is en bestaan basies uit een of meer gemagnetiseerde staalnaalde wat op 'n saffierbussie draai, omhul deur nie-magnetiese materiaal soos byvoorbeeld koper of glas.

Dit is bekend dat vanweë groot magneetsteeneerslae in Noord-Kanada (net binne die Noordpoolstreek) 'n kompasnaald, indien dit vry draai, in daardie rigting sal neig. Dit noem ons die **Magnetiese Noord**, maar dit is nie die ware Noord nie. In Suid-Afrika wys die kompasnaald ongeveer 20° wes van die ware Noord. Die magnetiese afwyking vorm 'n hoek met die ware Noord en dit word die deklinasiehoek genoem.

### AANBIEDING

1. Gebruik hier die geleentheid om by die kind vas te lê dat die Bybel ons kompas moet wees en dat Jesus ons groot "Rigting aanwyser" is.
2. Demonstreer hoe die kompas vasgehou word en waarna gekyk word as die lesing geneem word.
3. Wys hoe kragtrade en magnete die kompasnaald beïnvloed.
4. Gebruik vlaggies of ander landmerke en laat die kinders lesings neem.
5. Wys daarop hoe 'n geringe afwyking 'n groot verskil op 'n lang afstand maak.
6. Sodra hulle die kuns bemeester het om korrek te lees, kan u 'n roete oor 'n groter area, byvoorbeeld die skoolgrond, uitwerk wat hulle dan moet volg deur bloot akkurate lesings te neem.

*'n Ander manier is om die roete met behulp van die kompas te bepaal. Byvoorbeeld 160° oos van Noord. Kies dan 'n stilstaande voorwerp naby die horison in lyn met die roete en stap daarheen. Volhard totdat die tegniek bemeester is. Indien daar meer as een persoon is, kan die een vooruit stap en as aanwysingspunt dien. Hy word beveel om na links of regs te swenk totdat hy in lyn met die bepaalde voorwerp is. Op 'n geskikte afstand bly hy staan totdat sy maat by hom verbystap, die kompas aan hom gee en op sy beurt 'n ent verder aan as die volgende aanwysingspunt dien. Die metode is baie noukeurig op kort afstande.*

## 2.2 DIE HORLOSIE

As u in 'n situasie beland waar u rigting moet bepaal en nie 'n kompas het nie, kan u ook van 'n horlosie gebruik maak. Hou die horlosie horisontaal en wys die 12 in die rigting van die son. Hou 'n stokkie op die 12 sodat die skaduwee presies op die 6 val. Halveer nou die hoek tussen die 12 en die uurwyser om Noord te bepaal. Sien die skets in die *werkboek*.

## 2.3 SKADUWEES

Die metode is minder akkuraat maar kan tog, veral in noodsituasies, handig te pas kom. Verduideliking en illustrasies in die *werkboek*.

## 2.4 DIE SUIDERKRUIS

Die suiderkruis bestaan uit ses sterre, waarvan vier die langwerpige kruis vorm. Die ander twee is die merkers en wys net na die kort punt van die kruis. Verleng die lang as van die kruis met 4½ maal sy lengte (na die lang punt van die kruis). Verbind nou hierdie punt direk af met die horison om Suid te bepaal. (doen dit met jou vinger teen die hemel.) Sien die illustrasie in die *werkboek*.

### 3 ROETEMARS (NIE 'N NAGMARS NIE)

**Let wel:** Die onderstaande inligting verskyn **glad nie** in die *werkboek* nie. U moet dit dus volledig aan hulle oordra.

'n Roetemars is 'n heerlike speelding in die hand van 'n offisier, omdat hy dit vir soveel verskillende redes kan gebruik.

☺ om kennis op te doen	om bome of monumente langs die roete te identifiseer
☺ gebruik van vaardighede	toepas van noodhulp, kompaslees, touwerk
☺ blote avontuur	toubrug, swembad, rotsklim, glykabel
☺ leierskap beoefen	bou situasies in wat die leier verplig om op te tree

Wat u motief ookal is om 'n roetemars te organiseer, moet u op die volgende let:

- Die hele roetemars moet deeglik en volledig beplan wees voordat dit 'n aanvang neem.
- Dit moet vol aksie en gebalanseerd, maar ook veilig wees.
- Vind 'n geskikte terrein.
- Maak van sketskaarte gebruik en dui so kontrolepunte, geboue, riviere en strate aan.
- Plaas 'n kontroleur by elke kontrolepunt.
- Kontroleurs moet stil en gedissiplineerd optree.
- Stel die doel van die roetemars aan almal duidelik.
- Verdeel die kinders in spanne om sodoende ook kompetisie in te bou.
- Spanne moet toegerus wees met 'n kompas, 'n kaart en 'n briefie wat die opdrag bevat.
- By elke kontrolepunt kry hulle dan die volgende opdrag. Om kontrole te vergemaklik, word afgerolde strokies met inligting daarop vooraf aan die kontroleurs gegee. Dié persone moet ten volle op hoogte wees wat van die deelnemers verwag word.
- Op een of ander wyse moet u ook toesien dat sosiale euwels soos swak gedrag, lelike taal, rook, drank en bakleierigheid gepenaliseer word.

#### **Beplanningsprosedure.**

- Besoek die terrein wat u wil gebruik vir die roetemars en hou die hele tyd die doel in gedagte.
- Bepaal waar die kontrolepunte gaan wees en stel vas watter opdragte gegee kan word.
- Gaan terug en beplan die hele roete op papier, met opdragte en al.
- Volg dan self die roete om te bepaal of die opdragte uitvoerbaar is en wat die tydsduur sal wees.
- Maak daarna die nodige aanpassings.
- Reël nou vir hulp:
  - om die roete te beman,
  - om krisisgevalle te hanteer,
  - om verversings te voorsien,
  - om vervoer te voorsien indien nodig.
- Maak baie seker dat alle deelnemers presies weet wat van hulle verwag word.
- Inligtingsbriefies aan ouers sal gepas wees.

**Vorbereiding van span**

- Lig die span in oor wat van hulle verwag word en wat die doel van die hele aksie is.
- Stel dit duidelik dat dissipline van die enkeling sowel as die groep noodsaaklik is.
- Die korrekte optrede teenoor lede van die publiek en persone wat die kontrolepunte beman moet verduidelik word.
- Spanlede moet korrek geklee wees vir die bepaalde roete. As daar byvoorbeeld 'n swembad op die roete is, moet hulle swemklere hê. As dit 'n baie ruwe terrein is, moet hulle behoorlike stapskoene dra.
- Nodige toerusting kan wees: 'n hoed, kamera, boekie vir aantekeninge, telefoonkaart of selfoon, kompas en waterbottel. Toerusting sal afhang van die roete en die opdragte.
- Lei die span om die korrekte leier vir die bepaalde oefening te kies. Bespreek die rol van die leier en die volgelinge.
- Lê klem op die noodsaaklikheid van samewerking veral tydens krisis.
- Gee kortliks aandag aan die hantering van verskille wat mag opduik. Verduidelik ook hoe te werk gegaan moet word as 'n krisis, soos byvoorbeeld 'n noodhulpgeval, voorkom.

**Evaluering van die roetemars.**

- Na afloop van die roetemars, is dit altyd goed om 'n deeglike evaluering daarvan te doen.
- Bekom terugvoer van persone wat gehelp het en van die spanlede.
- Teken alles sorgvuldig aan sodat suksesse weer gebruik kan word en mislukkinge uitgeskakel kan word.
- 'n Lekker gesprek met die span oor gebeure en belewenisse en 'n kort verslaggie sal die projek afrond.
- Moenie die bedankings vergeet nie.

**Die sukses van 'n roetemars is die direkte gevolg van deeglike beplanning.**

## 4 KAMPERING

### DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie voor te berei vir kampering op span-, kommando-, oord- en gebiedsvlak.

---

#### 4.1 WAT IS 'N KAMP?

Dit is wanneer 'n groep weg van die huis af vir hulself 'n slaapplek, eetplek en ander geriewe inrig om oor 'n aantal dae 'n bepaalde program af te handel.

#### 4.2 AKTIWITEITE OP 'N VOORTREKKERKAMP

Elke Voortrekkerkamp het 'n bepaalde doel en daarom moet daar vooraf 'n volledige program opgestel word. In die program is daar dus tyd vir speel en werk. Op Voortrekkerkampe word dikwels aan graadwielwerk of Spesialisasies gewerk.

#### 4.3 WAAROM KAMP VOORTREKKERS?

- ❖ Om ons kennis uit te brei
- ❖ Om ons maats beter te leer ken
- ❖ Om saam met ander dinge te doen
- ❖ Om te leer om leiding te neem
- ❖ Om selfstandig te kan optree
- ❖ Om die natuur te leer ken
- ❖ Om God in Sy skepping te leer ken

#### 4.4 SOORTE VOORTREKKERKAMPE

- ❖ Spankampe
- ❖ Kommandokampe
- ❖ Oordkampe
- ❖ Gebiedskampe

U moet toesien dat die spanlede die geleentheid kry om minstens twee soorte kampe by te woon.

#### 4.5 VEREISTES VIR 'N KAMPTERRAIN

- ❖ Dit moet voldoen aan die vereistes van die program.
- ❖ Dit moet bereikbaar wees.
- ❖ Dit moet veilig wees.
- ❖ Skoon drinkwater moet beskikbaar wees.
- ❖ Daar moet genoegsame natuurlike skuiling wees.
- ❖ 'n Gelyk terrein is meer geskik as 'n skuins of klipperige terrein.
- ❖ Die organiseerders moet weet wat die windgevaar en moontlikheid vir oorstromings, brand en ander gevare is.

#### 4.6 BEKENDSTELLING VAN 'N VOORTREKKERKAMP

'n Paar weke voor die kamp word 'n kampbrief saamgestel waarin alle moontlike inligting oor die kamp vervat is. Die brief word gestuur aan die ouers van almal wat die kamp wil bywoon.

Punte om in die kampbrief te noem: Datum, vertrektyd, tyd terug, wat moet saamgaan, koste, vervoer, kontaknommer, toestemming van ouer.

#### 4.7 BENODIGDHEDE VIR 'N VOORTREKKERKAMP

Omdat 'n tent nie so gerieflik soos jou kamer is nie en julle 'n hele klomp in die tent sal wees, moet jy nie onnodige goed of waardevolle items saamneem nie.

- ❖ Kies 'n stewige tas vir jou klere. Onthou dit is jou laaikas op die kamp.
- ❖ Maak 'n stewige sak vir jou beddegoed.
- ❖ Maak 'n sakkie waarin jou eetgerei gepak kan word.

Indien 'n tent as huisvesting gebruik word, moet die offisier vooraf seker maak:

- ❖ Hoe die tent opgeslaan moet word.
- ❖ Dat die nodige toue/kabels en pale ingepak word.
- ❖ Dat daar genoeg tentpenne is.
- ❖ Dat daar 'n tenthamer is.
- ❖ Dat daar 'n grondseil is indien nodig.

Maak ook seker dat die terrein skoon en gelyk is voordat die tent opgeslaan word.

#### 4.8 KONTROLELYS (SLEGS 'N RIGLYN)

Beddegoed	Stapskoene of tekkies
Eetgerei	Voorgeskrewe Voortrekkerdrag
Toiletware	Gemaklike klere
Handdoek	Onderklere
Bybel	Kamera, flits en musiekinstrument is opsioneel
Warmbaadjie of trui	Enige items wat in die kampbrief gevra word vir die werk wat op die kamp gedoen gaan word

#### 4.9 REËLS OP 'N VOORTREKKERKAMP

Omdat daar 'n groot aantal mense op 'n kamp is, is dit nodig dat daar reëls is sodat almal lekker en veilig kan kamp. Kampreëls sal van kamp tot kamp verskil. Hier volg egter 'n paar basiese reëls:

- ❖ Gehoorsaam alle fluitseine, oproepe en bevele.
- ❖ Niemand mag die kamp sonder toestemming verlaat nie.
- ❖ Geen plantegroei, geboue of meubels mag beskadig word nie.
- ❖ Handig persoonlike medisyne by kampbestuur in.
- ❖ Moenie rommel strooi nie.
- ❖ Moenie vuurmaak sonder volwasse toesig nie.
- ❖ Dogters en seuns kuier nie in mekaar se tente of kamers nie.

**Elke reël het 'n rede.**

#### 4.10 HANTERING VAN ETES OP 'N KAMP

Kampe groter as spankampe maak gewoonlik van 'n sentrale kombuis gebruik. Voortrekkers tree op bevel vir etes aan. Voor die kos bedien word, word die seën gevra deur middel van 'n gebed of deur te sing.

##### Goeie maniere

- ❖ Sê “asseblief” en “dankie”.
- ❖ As jy iets nie eet nie sê beleefd “Nee dankie”.
- ❖ As jy lekker geëet het, sê dit vir die kokke.
- ❖ Maak skoon waar jy per ongeluk gemors het.

##### ❖ MOENIE

- ☞ kos mors nie
- ☞ meer neem as waarop jy geregtig is nie
- ☞ meer neem as wat jy kan eet nie
- ☞ te veel lekkers eet nie
- ☞ wegbly van etes nie.

#### 4.11 VUURMAAK IN DIE VELD

- ❖ Hou die wind dop. Moenie vuurmaak as die wind sterk waai nie.
- ❖ Moenie vuurmaak tussen plante en onder bome nie.
- ❖ Bly weg van kragdrade en kables.
- ❖ Moet nooit 'n vuur alleen laat nie.
- ❖ Blus die vuur behoorlik. Begrawe as en gebrande hout.
- ❖ Laat vuurmaakplek netjies agter.

**Vermý die gebruik van paraffien as jy vuurmaak, veral by kampvure.**

#### 4.12 KENNIS VAN KNOPE EN VASWOELE

Is nodig vir:

- ❖ Vlagseremonies
- ❖ Maak van kampgeriewe
- ❖ Noodtoestande

**Illustrasies van knope en vaswoele is in die werkboek.**



#### 4.13 EVALUERING VAN 'N KAMP

Soos met alle ander aktiwiteite is dit ook nodig dat 'n kamp geëvalueer word.

- ❖ Gesels met die span en hoor hoe hulle die kamp ervaar het. Gebruik vrae soos: wat het verkeerd gegaan met die tentopslaansessie, wat was vir jou die lekkerste op die kamp, wat was vir jou die onaangenaamste op die kamp, dink jy dat kampgeriewe bygedra het tot die sukses van die kamp, wat het jy op hierdie kamp geleer?
- ❖ Evalueer die kampprogram ten opsigte van dit wat geslaagd was, dit wat minder suksesvol was en of die tydsindeling reg was.
- ❖ Bespreek die kamp se finansies met die span. Besluit saam hoe die surplus of tekorte hanteer gaan word.
- ❖ Maak aantekeninge van wenke vir 'n volgende kamp.

#### AANBIEDING

1. *Die oordrag van hierdie inligting hoef nie noodwendig 'n formele bespreking te wees nie, maar kan terloops tydens die voorbereiding vir die kamp aan die kinders oorgedra word. Maak egter seker dat al die inligting oorgedra word en dat die kind die redes verstaan waarom daar bepaalde voorskrifte is.*
2. *Om die vaardigheid vir die maak van knope te ontwikkel, is dit nodig dat dit gereeld geoefen en toegepas word. Hiervoor kan u knoopkrieket of knoopvroteier gebruik.*

## EK AS VOORTREKKER

### 1 DIE GESKIEDENIS VAN *DIE VOORTREKKERS*

#### DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie aan die geskiedenis van die Voortrekkerbeweging, waarvan hy lid is, bekend te stel.

---

*Die Voortrekkers* se geskiedenis begin alreeds in 1913 toe dr C. F. Visser planne begin beraam het vir die stigting van 'n Afrikaanse jeugbeweging. Eers in 1920 het daardie planne egter tot uitvoer gekom. Die eerste kommando is in Bloemfontein, aan die skool wat vandag die Hoërskool Sentraal is, gestig. Heeltemal losstaande hiervan het Oom Japie Heese in 1923 'n kommando in Graaff-Reinet gestig en mnr De Wet Laubscher (oom Laubie) in dieselfde jaar een in Nieuwoudtville.

In hierdie tyd begin daar onderhandelings met die Boy Scouts om te probeer om 'n gemeenskaplike basis vir een enkele jeugbeweging te vind. Verskeie jare lank duur hierdie pogings. Dit stort egter elke keer weer in duie oor kwessies soos die vlag, die belofte, die amptelike taal en maatskaplike integrasie tussen blank en nie-blank.

Op **30 September 1931** word *Die Voortrekkers* eindelik amptelik gestig en lyf die destydse Eerste Minister, generaal J. B. M. Hertzog die eerste Voortrekkers te Bloemfontein in. Die stigting en die mooi naam van *Die Voortrekkers* het ons aan dr C. F. Visser te danke. Daarom word hy ook tereg Vader Visser, die vader van *Die Voortrekkers*, genoem.

Dr N. J. van der Merwe word verkies as eerste hoofleier en hy lei *Die Voortrekkers* tot 1940. Gedurende hierdie tydperk beleef *Die Voortrekkers* sy eerste groot hoogtepunt met die landwye fakkellope van 1938. Dit het 'n groot bydrae tot die luister van die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria gelewer.

Dr C. F. Visser word in 1940 hoofleier en bly in die hoedanigheid tot 1959. Gedurende die tyd dat hy hoofleier is, word die Voortrekkermonument in Pretoria in 1949 ingewy. Weereens het *Die Voortrekkers* 'n groot aandeel in die verrigtinge gehad. Ook word die Van Riebeeckfees in 1952 in Kaapstad gehou. By hierdie landwye feesgeleentheid neem *Die Voortrekkers* deel aan die verrigtinge.

In 1959 word dr J. de V. Heese (oom Japie), wat sedert die stigting van *Die Voortrekkers* die hoofsekretaris was, die nuwe hoofleier. Gedurende hierdie tyd beleef ons die Republiekwording in 1961 en neem *Die Voortrekkers* hul plek in tydens die inhuldiging van ons land se eerste Staatspresident, adv C. R. Swart, self 'n oud-Voortrekker.

Na die oorlye van dr Heese word mnr J. F. P. Badenhorst (oom Badie) in 1966 hoofleier. Dit was die jaar van die eerste landwye Republiekfees, weereens 'n geleentheid waar *Die Voortrekkers* 'n belangrike aandeel in die feesverrigtinge het. In dieselfde jaar word baskies aan die eerste presidentverkenner deur Staatspresident C. R. Swart oorhandig.

*Die Voortrekkers* het op 13 tot 17 Desember 1971, 'n groot rol gespeel tydens die inwyding van die nuwe monument by Bloedrivier. Ook by die verrigtinge op 10 Oktober 1975, met die taalfeste en die inwyding van die Taalmonument in die Paarl, was *Die Voortrekkers* baie prominent.

Prof C. W. H. Boshoff (oom Carel) volg mnr Badenhorst (oom Badie) in 1981 as hoofleier op nadat oom Bennie Badenhorst, vir 'n kort tydjie, na oom Badie se dood, hoofleier was. Gedurende oom Carel se termyn begin die verdeeldheid in Afrikanergeledere na vore tree. Dit raak ook *Die Voortrekkers*. Nieteenstaande onderlinge verskille gaan die Voortrekkeraktiwiteite egter steeds voort.

Ds J. P. L. van der Walt (oom Johan) neem in 1989 na oom Carel die leierskap oor. Tydens sy termyn word die literatuur, grondwet, kentekens en uniform hersien en aangepas by die steeds veranderende Suid-Afrika.

Tydens die 1997 kongres op Hartenbos word prof T. P. Dreyer (oom Tom) as nuwe hoofleier verkies. In hierdie tyd word die uniform met die donkerblou Voortrekkerdrag vervang.

Tydens die 2001 kongres in Pretoria word prof P J Strauss (oom Piet) as hoofleier verkies.

Steeds bou die Voortrekkerbeweging voort deur voortdurende aanpassing en vernuwing, om 'n volledige en moderne jeugbeweging vir die Afrikanerjeug te bly.

### AANBIEDING

*Dit kan gedoen word deur:*

- *vasvra tussen spanne*
- *kennis speletjies*
- *die spel "Snap" kan ook met die kaarte gespeel word.*
- *kaartspel: neem kaartjies en skryf daarop dinge soos:*
  - ❖ *datums en gebeure*
  - ❖ *plekke en gebeure*
  - ❖ *mense en dade*

*Byvoorbeeld:*

<i>30 September 1931</i>	<i>Voortrekkers gestig</i>
<i>Hoërskool Sentraal</i>	<i>Eerste kommando</i>
<i>Genl Hertzog</i>	<i>Lyf eerste Voortrekkers in</i>

*Deel die kaarte tussen die spanlede uit en deur by mekaar te trek moet hulle dan pakkies van 2 wat pas, uitpak.*

## 2 DIE GRONDSLAG

### DOEL

Om aan die Penkop en Drawwertjie die grondslag (fondament) van *Die Voortrekkers* te verduidelik.

Artikel 2 van ons grondwet lui:

***Die grondslag van Die Voortrekkers is die Woord- en Skeppingsopenbaring van God Drie-enig.***

Daardeur wil ons sê dat die Drie-enige God die fondament is waarop *Die Voortrekkers* gebou is. Hoe kan ons sondige mense egter 'n almagtige God ken? Ons kan God net op twee maniere ken: deur die Bybel en deur die wonder van die natuur. Lees byvoorbeeld Psalm 19 en Romeine 1 vers 20. Daarom bou ons ons jeugbeweging op die kennis wat God aan ons bekendgemaak het. Ons sê saam met Paulus in Romeine 11 vers 36: "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid!"

Ons kan nou die betekenis van die woorde "Woordopenbaring", "Skeppingsopenbaring" en "God Drie-enig" van nader bekyk.

As jy iets "openbaar" dan maak jy dit bekend sodat dit gesien en verstaan kan word. "Woord" verwys natuurlik na die Bybel soos ons dit ken. As die twee woorde nou saamgevoeg word, dan beteken dit die boodskap van die Bybel soos ons dit met ons beperkte vermoëns verstaan.

Die woord "Skepping" beteken die hele aardbol met alles wat daarop lewe, die son, die maan, die planete en al die sterre sover as wat die mens met sy tegnologie kan sien - kortliks, die heelal. Dit sluit ook die wonder van voortplanting en die kleinste mikro-organismes in. Die wêreld se wetenskaplikes verstaan nog maar net 'n klein deeltjie van God se Skepping en daarom kan *Die Voortrekkers* net bou op die kennis van die Skepping wat God reeds aan ons openbaar het.

Daar is baie gelowe in die wêreld wat aanvaar dat daar 'n God is wat almagtig is en wat die heelal geskape het. Die Christelike godsdiens is gebou op Jesus Christus, die God wat mens geword het, wat as 'n mens vir ons sondes gekruisig is en wat as God uit die dood opgestaan het. Daarby versterk die Heilige Gees ons in ons daaglikse lewe. Hieruit volg dan ons belydenis van die Drie-enige God, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees. As 'n mens net in 'n "god" glo, moet jy op jou eie verdienste voor die almagtige God staan. Daarom staan daar in ons grondslag "God Drie-enig" en nie net "God" nie.

### AANBIEDING

1. *Aangesien dit 'n moeilike aspek is om te behandel sou dit raadsaam wees om die geskikte geleentheid te skep om met die span hieroor te gesels. Byvoorbeeld om 'n kampvuur, net na aandgodsdiens, 'n gebeurtenis in die lewe van een van die spanlede of selfs 'n koerantberig.*
2. *Die grondslag-gedagte moet soos 'n draad loop deur alles wat u met die span doen of bespreek. Dit is dus 'n voortdurende inskerpingsproses en nie 'n eenmalige bespreking nie.*

*Voltooi die twee opdragte in die werkboek. Maak seker dat die kind die grondslag VERSTAAN en nie bloot vir u napraat nie.*

## 3 DIE WESE

### DOEL

Om die kern van *Die Voortrekkers* by die Penkop en Drawwertjie tuis te bring sodat hy kan begryp waarmee hy hom vereenselwig.

---

Artikel 3 van ons grondwet lui:

***Die Voortrekkers is 'n outonome kultuurbeweging vir lede van die Afrikanervolk, in besonder sy jeug, gerig deur 'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing tot 'n lewenswyse van eer aan God en diens aan volk, land en medemens.***

Die woord "wese" beteken die kern - dit wat oorbly as alle fieterjasies afgestroop is. Mense sê dikwels "Ons moet deurdring na die kern, die wese van die saak" as hulle 'n bespreking voer. Die wese is dus dit wat *Die Voortrekkers* is.

'n "**Lewens- en wêreldbeskouing**" is net groot woorde vir 'n mening oor die betekenis en doel van die mens se bestaan hier op aarde. Die "**Bybels-Christelike** lewens- en wêreldbeskouing" word uit die Bybel gehaal en in geloof aanvaar. Daarvolgens leef ons uit die genade van God en is die doel van ons lewe om God te eer. Uit dankbaarheid lewer ons dan diens aan ons medemens.

"**Afrikanervolk**" is 'n groep mense met 'n eie taal, Afrikaans, 'n gemeenskaplike geskiedenis en tradisies, 'n Christelik-Protestantse godsdienssin, 'n eie kultuur geskoei op die Europese volkskultuur, 'n betrokkenheid by die mense van Afrika en 'n bodemgebondenheid aan suidelike Afrika.

Soos in enige kultuurgroep is die grense van die Afrikanervolk nie skerp afgebaken nie. Om tot die Afrikanervolk te behoort, moet 'n persoon enersyds tuis in die groep voel (hom met die groep **vereenselwig**) en andersyds deur die groep as een van hulle beskou word (**aanvaarding** deur die groep).

Om te sê *Die Voortrekkers* is 'n kultuurbeweging klink baie mooi, maar wat is die kultuur wat ons voorstaan en uitdra?

**Die HAT sê kultuur is die begrip wat die ganse geestelike besitting van 'n volk op elke terrein omvat die geesteslewe en die beskawingstoestand. In kort kan ons sê: Kultuur is die somtotaal van alle menslike handeling.**

Kultuur verstar nie, maar groei saam met 'n volk. Die Afrikanerkultuur is beslis nie net ossewaens, kappies en alles wat oud is nie, maar ook rugbyspeel, Coca Cola drink en seevakansies. Ons skeep dus daaglikse kultuur.

Ons beskou *Die Voortrekkers* as 'n kultuurbeweging omdat:

- Ons optrede gerig word deur die Woord van God.
- Ons 'n taal het om op trots te wees.
- Ons die liefde vir ons land uitleef deur bewaring.
- Ons leer van en respekteer ons volk se verlede.
- Ons waarde heg aan opvoeding.
- Ons toegerus word om in die hede te leef.
- Ons voorberei word vir die toekoms.

Dit is 'n opsomming van wat *Die Voortrekkers* is en watter soort mense daaraan behoort. Dit sê ook wat ons **nie** is nie: ons is nie 'n ontspanningsvereniging of 'n buiteligklub of 'n godsdienstige beweging of 'n politieke organisasie se jeuggroep nie. *Die Voortrekkers* is ook nie 'n algemene jeugbeweging vir al die kinders in ons land nie, dit is spesifiek vir lede van die Afrikanervolk bedoel. Gevolglik word net Afrikanerkultuur bevorder. Mense uit die ander kultuurgroepe in ons land, kan dus ontuis in *Die Voortrekkers* voel. 'n Engelssprekende persoon kan byvoorbeeld nie by *Die Voortrekkers* aansluit en dan verwag dat daar af en toe ook Engels gepraat moet word nie.

Dit beteken egter nie dat ons niks met die mense van ander kultuurgroepe te doen wil hê of hulle kultuur minag of selfs nie hulle taal wil praat nie! Ons is ook Suid-Afrikaners wat saam met die ander kultuurgroepe veg om ons land te verdedig, saam ons land se sportmanne ondersteun, saam strew na vrede en saam werk vir voorspoed in Suid-Afrika. Daarom maak *Die Voortrekkers* kontak met ander nie-politieke jeugbewegings soos die Landsdiens, die Jeugbrigade, die Boy Scouts en die Girl Guides. Wanneer Engelssprekende mense ons besoek, heet ons hulle in Engels welkom omdat ons hoflike en welwillende mense is. Let op dat die wese se laaste deel, *eer aan God en diens aan volk, land en medemens*, dieselfde is as die Penkop- en Drawwertjiebelofte wat die spanlid afgelê het. Hierdie woorde is die wesenlike kern van *Die Voortrekkers*.

### **Die ABC van Die Voortrekkers**

As 'n mens mooi na die wese van *Die Voortrekkers* kyk, dan sien jy dat drie aspekte daarin voorkom:

Afrikanerskap	kultuurbeweging vir die Afrikanervolk - diens aan volk
Burgerskap	diens aan land en medemens
Christenskap	Bybels Christelike lewens- en wêreldbeskouing - eer aan God.

Ons praat kortweg van die ABC van *Die Voortrekkers*. (Behalwe dat die C eintlik eerste behoort te kom).

*Die Voortrekkers* is die enigste jeugbeweging in Suid-Afrika wat al drie hierdie aspekte van 'n mens se lewe gebalanseerd aanbied.

### **AANBIEDING**

1. Verduidelik wat "Die Wese" is.
2. Behandel die inhoud met u span sonder om in detail en groot woorde te verval.

3. *Dit is belangrik dat u in al u aanbiedings en voorbereiding die wese van dit waarmee u besig is, in gedagte hou. Met ander woorde, die diepere betekenis van die Wese moet in u optrede oorgedra word aan die kind en nie alleen deur u woorde nie.*
4. *Verseker dat die kind die inhoud so verstaan dat hy dit in sy alledaagse lewe kan toepas.*
5. *Gee geleentheid dat die spanlede die opdrag in die werkboek voltooi.*

## 4 DIE VOORTREKKERKODE

### DOEL

Om by die Penkop en Drawwertjie die kode, waarvolgens 'n Voortrekker behoort te lewe, in te skerp.

---

### 4.1 DIE VOORTREKKERKODE

1. 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien hom.
2. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
3. 'n Voortrekker aanvaar gesag.
4. 'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
5. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

### 4.2 VERDUIDELIKING

#### **'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom**

Hiermee sê ek waarom dit eintlik in die lewe gaan. Om God te dien moet my grootste begeerte wees en hierdie diens sluit alles in wat ek doen, byvoorbeeld my gebede, my manier van sport beoefen en hoe ek praat.

#### **'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe**

'n Christelike lewe of leefwyse beteken dat ek gehoorsaam aan die Bybel en God se wette lewe. Die mense moet dus dinge soos liefde, regverdigheid, opregtheid, eerbied, vriendelikheid, ordentlikheid, blydschap en getrouheid in my lewe kan sien.

#### **'n Voortrekker aanvaar gesag**

Soos in die Penkop en Drawwertjie se belofte ook bevestig word, aanvaar ek gesag wat deur die Drie-enige God toegelaat word. Leiers, ouers, onderwysers, owerhede en ander is daargestel om gesag uit te oefen ooreenkomstig norme wat Christelik aanvaarbaar is en almal tot voordeel strek.

#### **'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere**

Hiermee bevestig *Die Voortrekkers* dat Afrikaans ons taal is en dat ons dit wil bevorder en uitbou. So ook met die kultuur van die Afrikaner wat in die toekoms erken en uitgebou moet word. Dit doen ons om die volk te versterk in sy eie ontwikkeling en 'n positiewe bydrae tot die breë gemeenskap in Suid-Afrika te lewer. Ons doen dit sonder om ons eie identiteit prys te gee of selfsugtig ten koste van ander te lewe. Ons moet egter steeds in lyn bly met 'n Christelike lewenswyse.

### **'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop**

Aan die hand van jou Christelike beginsels kom 'n mens agter watter dinge in die geskiedenis van jou volk goed was en watter nie. Party dinge was ook net goed vir 'n bepaalde tyd. Ander dinge kan jy vandag nog doen. Omdat dit mense is wat in die verlede opgetree het, kon hulle natuurlik foute maak. God is die enigste een wat nie foute maak nie. Dit beteken egter nie dat ons nie vir die Here dankie kan sê vir mense in ons volk wat goed opgetree het nie en dat ons nie eer of erkenning aan hierdie mense kan gee nie. 'n Held is mos een wat deur God se genade gedoen het wat hy gedoen het.

### **'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing**

Die strewe is om hierdie land wat deur God aan ons gegee is te leer ken, die wonders van die skepping te ondersoek en alles so te benut dat dit vir die nageslag behoue bly en selfs verbeter word.

### **'n Voortrekker is 'n goeie landsburger**

Burgerskap sluit die verpligting van ordelike bestuur, benutting en beskerming van 'n land en sy hulpbronne in. Hierdie verpligting moet so aangewend word dat alle inwoners teen die agtergrond van sy kultuur kan ontwikkel. Elke Voortrekker het die plig om dit te bereik.

### **'n Voortrekker neem leiding**

Baie mense wil nie by ander mense of die gemeenskap betrokke raak nie. Sommige raak ook net betrokke as dit hulle pas of hulle daaruit voordeel kan trek. Hulle is dus nie bereid om moeite te doen of op te offer om die lewe vir almal in hulle omgewing beter te maak nie. Die gevolg is dat 'n groepie mense hulle altyd vir ander moet inspan, oorlaai word en dan nog ook deur die wat onbetrokke is, gekritiseer word. 'n Voortrekker raak betrokke, neem leiding, help en volg waar dit nodig is en waar hy kan. Hy is 'n aanwins in sy omgewing omdat hy weet dat die Here hom roep om sy medemens te dien.

### **'n Voortrekker is oplettend en weerbaar**

Die welvaart en veiligheid van 'n persoon, groep, gemeenskap of volk hang af van hoe wakker sy lede is om geleenthede of gevare in die omgewing raak te sien en dan toegerus te wees om sinvol op te tree om daardie geleenthede ten beste te benut of die gevare doelmatig af te weer. Dit is so dat die hele natuur ingestel is op oorlewing. Om daardie rede is dit 'n Voortrekker se doel om geoefen te wees om lewensituasies ten beste die hoof te bied.

### **'n Voortrekker is diensvaardig**

Elke mens ontvang talente van God. Hiermee moet daar gewoeker word om jou eie situasie sowel as die van jou medemens en volk te verbeter. God leer vir ons dat dit ons niks baat om ons talente te begrawe nie; intendeel, deur daarmee te woeker vermeerder dit. In die gees van ons Christelike oortuigings gaan 'n Voortrekker uit om sy talente aan te wend om ook sy medemens wat nie die talente ontvang het nie of in 'n onbenydenswaardige situasie verkeer te help om te oorleef en homself te kan help. Hierdie diensvaardigheid sluit fisiese diens sowel as geestelike onderskraging in.

## **AANBIEDING**

- Die verduideliking van die bepalings van die Voortrekkerkode moet so eenvoudig en kort moontlik wees. Praat die taal van kind. Vermy groot woorde wat hy agterna kan sê, maar nie weet wat dit beteken nie.*
- U hoef nie al die kodes in een byeenkoms te behandel nie. Gee die spanlede kans om te sê hoe hulle dit verstaan en help hulle reg waar nodig.*
- Die kode is nie 'n stel reëls wat uit die hoof geleer moet word nie. Dit moet 'n lewenswyse word. Daarom is dit belangrik dat nadat die inhoud van die kode met die span bespreek is, voortdurend, in alles wat hulle doen en hoe hulle optree, na die kode verwys moet word.*
- In die werkboek is ook 'n kort bespreking oor elke kode.*

*Om vir uself te bewys of u in u doel slaag, kan u deur die loop van die jaar, na elke aanbieding vra of hulle weet watter kode aangespreek is. Dit is 'n goeie barometer om te weet of u werklik die kol tref. Die kinders hou ook van uitdagings. **Daag hulle gerus uit om u uit te vang dat u dinge doen wat u nie aan die kodes kan verantwoord nie.***

## 5 DIE PENKOP- EN DRAWWERJIEBELOFTE

### DOEL

Om die sin en die inhoud van die belofte aan die Penkop en Drawwertjie oor te dra sodat hy dit kan uitleef.

---

### 5.1 WAT IS 'N BELOFTE?

- ❖ Wanneer 'n mens inwillig om iets te doen of by te dra tot iets, dan maak hy 'n belofte.
- ❖ 'n Belofte word nie verbreek nie, veral nie teenoor God nie.
- ❖ 'n Belofte moet in die eerste plek nie ligtelik gemaak word nie.
- ❖ Die Voortrekkerbelofte is 'n voorbereiding vir beloftes wat in die latere lewe afgelê sal word. Dink byvoorbeeld aan belydenisaflegging, die huweliks- en doopbeloftes.

### 5.2 DIE PENKOP- EN DRAWWERTJIEBELOFTE

Ek sal oral en altyd probeer om 'n Voortrekker te wees, om gehoorsaam te wees, om my volk, my land en my medemens te dien en bo alles die Here lief te hê.

### 5.3 WAT BETEKEN DIE BELOFTE

#### Ek sal oral en altyd probeer

Hiermee erken ek dat ek 'n swak mens is wat hierdie belofte net met die hulp van die Here kan nakom. By so 'n belangrike belofte wat oral en altyd uitgeleef moet word, het mens God se genade nodig. Uit eie krag sal ek nie slaag nie. Die belofte gaan tog oor my hele leefwyse.

#### om 'n Voortrekker te wees

Die woord Voortrekker hier verwys na die optrede wat vir 'n Voortrekker ten doel gestel word. Dit sluit dus waardes soos betroubaarheid, reinheid, hulpvaardigheid, vriendelikheid, hoflikheid, opgeruimdheid en vele ander in.

#### om gehoorsaam te wees

Hiermee belowe ek gehoorsaamheid aan God en alle gesag wat Hy op een of ander manier oor my gestel het, behalwe as daardie gesag bots met die Woord van God.

#### om my volk (te dien)

Hiermee belowe ek dat ek diegene wat deel vorm van my kultuurgroep (mede-Afrikaners) en alles wat eie is aan ons, soos geskiedenis, goeie gewoontes en taal, sal koester en hulle belange bevorder sonder om selfsugtig en afbrekend teenoor andere buite dié groep te wees.

#### my land (te dien)

Hiermee belowe ek dat ek my land en alles wat deel daarvan vorm, naamlik die natuur (wat die plante, diere en grond insluit) en die ander inwoners sal beskerm en dien.

#### om my medemens te dien

My medemens is alle mense met wie ek in aanraking mag kom. Die Bybel roep ons op tot liefde teenoor ons naaste. Daarom kan ons tot diens wees vir alle mense.

#### en bo alles die Here lief te hê

Alles wat ek belowe is onderworpe aan die erkenning van eerbied teenoor en volle geloof in die Here, die Drie-enige God wat almagtig is om my in die nakoming van hierdie belofte te help.



## 5.4 AFLÊ VAN DIE BELOFTE

Die kind moet die belofte ken en verstaan en dit tydens die inlywing kan nasê. Terwyl die belofte afgelê word, moet iemand die saluut neem en Voortrekkers moet in Voortrekkerdrag wees. Die aflê van die belofte is altyd 'n plegtige, formele geleentheid. Daar moet iets spesiaals van die geleentheid gemaak word en dit moenie as 'n lastige formaliteit afgehandel word nie. Die inlywing kan dalk bepalend wees van hoe lank die jeuglid 'n Voortrekker gaan bly.

### AANBIEDING

1. *Verduidelik die betekenis en waarde van die Penkop- en Drawwertjebelofte.*
2. *Om dit bloot woord vir woord te leer, mag aan die skool herinner. Lees dit vir die eerste paar byeenkomste gereeld aan die spanlede voor, sodat hulle daaraan gewoon kan raak. Breek dit dan in sinsnedes op en skryf dit op karton neer. Laat die span die belofte stuk vir stuk aanleer en plak dit op die muur in die spankamer soos die span vorder.*
3. *Verduidelik die inhoud van die belofte.*
4. *Dit sal van u afhang of die belofte 'n "lewenswyse" gaan word. Herinner die spanlede gedurig aan wat hulle beloof het, om sodoende koers aan hulle lewens te gee.*
5. *Gee aan kind ook geleentheid om te sê hoe hulle die betekenis van die belofte sien. Stel reg waar nodig, maar luister na wat die kind sê en hoe hy dit sien. Dit kan dalk aantoon hoe u moet optree om die regte leiding te gee.*
6. *Afskrifte van die gedeelte, "Wat beteken die belofte" kan vir elkeen van die spanlede gemaak word.*

## 6 DIE VOORTREKKERWAPEN

### DOEL

Om die samestelling en die simboliek van Die Voortrekkerwapen aan die Penkop en Drawwertjie oor te dra.

### 6.1 DIE SAMESTELLING

Die Voortrekkerwapen bind ons as Voortrekkers aan mekaar. Die wapen dra die boodskap van 'n jeugbeweging wat wil help bou aan die Christen-Afrikanervolk en aan Suid-Afrika. Nadat *Die Voortrekkers* op 30 September 1931 gestig is, moes 'n wapen vir *Die Voortrekkers* gevind word. Die idee van 'n wiel-en-fakkelmotief wat deur **prof B. Taute** voorgestel is, het soveel byval gevind, dat 'n kunstenaar gevra is om so 'n wapen te ontwerp. Die fakkelmotief is voor die wiel geplaas en die mooi leuse: HOU KOERS, wat deur ons eerste hoofleier, dr N. J. van der Merwe voorgestel is, is op 'n blou lint onderaan aangebring. So het die wapen wat ons vandag nog gebruik en waarop ons baie trots is, ontstaan.

Elke onderdeel van die wapen het 'n boodskap uit ons volksgeskiedenis.

### 6.2 SIMBOLIEK

#### Voorwiel van 'n kakebeenwa met tien speke

Die Voortrekkers wat hierdie mooi land vir ons bewoonbaar gemaak het, het met volle vertroue op God met die kakebeenwa die binneland ingetrek. Vir almal wat aan die Voortrekkerbeweging behoort, dien die kakebeenwawiel as aansporing om ook doelgerig en vol vertroue op God vorentoe te trek deur diensbaar te wees, ons plig te doen, agting te hê vir ander, rein te lewe, probleme as uitdagings te sien en steeds ons God, ons volk en ons vaderland te dien. Ons moet ons nie skaam vir die wa nie. Sonder die Groot Trek sou daar geen Boererepublieke gewees het nie en sonder Boererepublieke sou daar waarskynlik geen nasionale ontwaking by die Afrikaner gewees

het nie. Sonder die Afrikaner sou die geskiedenis van suider Afrika, tot vandag toe, radikaal anders verloop het.

### **Die brandende fakkel**

God word die lig van die wêreld genoem, omdat Hy deur Sy Woord vir mense die regte pad deur die lewe aandui. Daarom vergelyk ons die fakkel, wat ook 'n ligbron is, met die Woord van God. Beskawing is die manier hoe mense lewe en teenoor mekaar optree. Christelike beskawing is dus wanneer ons die Bybel gebruik om vir ons te sê hoe ons moet lewe.

Die Voortrekkers van die Groot Trek het die Bybel saamgeneem toe hulle die binneland ingetrek het. Die inheemse bevolking het God nog nie geken nie en deurdat hulle met die trekkers in aanraking gekom het, het hulle ook God leer ken en hulle leefwyse volgens Sy woord ingerig. So het die Voortrekkers die Christelike beskawing saam met hulle geneem sover hulle noord getrek het. Daarom moet ons, wat die fakkel op ons wapen dra, altyd die Christelike geloof uitleef en met ons optrede aan ander oordra.

### **Die blou lint met die leuse HOU KOERS daarop**

Wat beteken HOU KOERS? Vroeër jare het mense na die son, maan en sterre gekyk om te weet watter rigting hulle moet volg. Later het hulle die kompas gebruik en vandag word radar gebruik. Die HOU KOERS onderaan ons Voortrekkerwapen is aansporing vir die koers wat ons op die lewenspad moet inslaan. Ons koers word duidelik aangetoon deur die Bybel, die kode en belofte. *Die Voortrekkers* se rigtingwysers is die kerk, ons ouers, die skool, familie en vriende.

## **6.3 GEBRUIKE VAN DIE VOORTREKKERWAPEN**

- ❖ Die Voortrekkerwapen word op die golfhemp en erkenningsbaadjie gedra.
- ❖ Die Voortrekkerwapen word op alle lektuur gebruik.
- ❖ Die wapen kan ook dien as versiering op 'n verhoog, in 'n saal, by 'n kampplek of by 'n gebou.
- ❖ Die wapen kan met toestemming van die hoofbestuur op gebruiksartikels gebruik word.

## **6.4 WAPENKODE**

- ❖ Die wapen mag net in verhouding geteken word.
- ❖ Die regte kleure van die wapen moet gebruik word.
- ❖ Die verskillende dele van die wapen mag apart gebruik word.
- ❖ Die wapen mag nie onteer word nie.
- ❖ Die wapen mag nie by politieke byeenkomste gebruik word nie.

### **AANBIEDING**

11. *Verduidelik die samestelling van die wapen aan die hand van 'n gekleurde afdruk wat by die uniformdepot beskikbaar is. Die simboliek is baie belangrik.*
7. *Die volgende speletjie lok groot belangstelling. Gebruik 'n dobbelsteentjie en elke spanlid moet potlood en papier hê. Elkeen kry 'n beurt om die steentjie te gooi:*
  - ❖ *Vir 'n 6 kan hy die wiel teken - sonder speke*
  - ❖ *Vir 'n 5 kan hy die fakkel teken - sonder die vlam*
  - ❖ *Vir 'n 4 kan hy die lint teken - sonder die leuse*
  - ❖ *Vir 'n 3 kan hy die leuse inskryf*
  - ❖ *Vir 'n 2 kan hy die vlam op die fakkel teken*
  - ❖ *Vir 'n 1 kan hy 'n speek in die wiel teken*

- ❖ *Elke speler moet eers 'n 6 gooi voordat hy kan begin teken.*
- ❖ *'n Speek kan nie geteken word as daar nie 'n wiel is nie, net so ook nie die vlam voordat daar 'n fakkel is nie. Die een wat die wapen die eerste voltooi, is die wenner. Gee gerus maar bietjie skiet as 'n outjie te lank sukkel om 'n 6 te gooi.*
- ❖ *Wanneer die betrokke deel geteken word, moet die tekenaar ook die betekenis daarvan verduidelik.*

## 7 DIE VOORTREKKERVLAG

### DOEL

Om die inligting rondom die Voortrekkervlag by die Penkop en Drawwertjie in te skerp.

---

Die vlag bestaan uit rooi, wit en blou driehoek. Die rooi driehoek is aan die bokant van die vlag met die skerp punt van die rooi driehoek die verste van die vlagpaal. Daaronder is die wit driehoek met die skerp punt naaste aan die vlagpaal. Die blou driehoek is onder die wit driehoek met die skerp punt verste van die vlagpaal.

Die vlag was oorspronklik die vlag van die eertydse Republiek Natalia. Toe *Die Voortrekkers* in 1931 gestig is, het ons eerste onderhoofleidster, mev. M.M. Jansen, voorgestel dat hierdie vlag vir *Die Voortrekkers* aanvaar word. Mev. Jansen het ook self die eerste vlag gemaak wat op 30 September 1931 deur generaal J.B.M. Hertzog aan *Die Voortrekkers* oorhandig is.

### AANBIEDING

1. *Let daarop dat daar meer inligting in die werkboek is.*
2. *'n Voortrekkervlag moet beskikbaar wees sodat die kinders dit kan hanteer.*
3. *Gebruik die geleentheid om hulle te leer om die vlag by die pale op te vou.*
4. *Gee ook die geleentheid dat elkeen die knope wat by vlaghysing gebruik word, te oefen.*

## 8 SAMESTELLING VAN DIE VOORTREKKERS

### DOEL

1. Om aan die Penkop en Drawwertjie die verskillende vlakke van bestuur bekend te stel.
2. Om die Penkop en Drawwertjie te laat besef waarvoor Voortrekkerwees werklik gaan, naamlik gesagsaanvaarding, dissipline, natuur, kultuur en Godsdiens.

---

Om *Die Voortrekkers* sinvol te bestuur is verskillende vlakke geskep. Elkeen van die vlakke het sy eie verpligtinge en verantwoordelikhede en leiers met hul eiesoortige rangkentekens. Hoewel dit aanvanklik na 'n Babelse verwarring lyk, is dit maklik om te verstaan as u stap vir stap al die vlakke behandel. Hou ook die Voortrekkerkleurkode in gedagte. Die volgorde is: **oranje, groen, blou, rooi, silwer en goud**. Die graadwiele, rangkentekens, jukke en Voortrekkertoekenings, volg almal hierdie kleurkode.

### AANBIEDING

1. *Gebruik die inligting soos in die handleiding en werkboek aan u gegee. Verdere inligting kan in die toepaslike reglemente bekom word.*
2. *Aanbiedingstegnieke word by elke afdeling aangegee. Deur kursusse en saamtrekke by te woon kan u u aanbiedingsmoontlikhede geweldig uitbrei.*

3. *Weereens die versoek dat u ter wille van u span se toekoms nie dele moet weglaat of sonder entoesiasme moet behandel nie. Dit sal net die kind benadeel, want daar gaan nie weer geleentheid vir die spesifieke gedeelte van die werk wees nie.*
4. *Wys op die gebruik van die Voortrekkerkleurkode in die kompas en rangkentekens van die verskillende vlakke.*
5. *Sorg dat die rangkentekens of prentjies daarvan, tydens die aanbieding beskikbaar is.*
6. *Gee geleentheid om die opdrag in die werkboek te voltooi.*

## **8.1 DIE SPAN**

'n Span bestaan gewoonlik uit jeuglede van 'n bepaalde ouderdomsgroep. Uit die spanlede word 'n spanleier asook 'n adjunkspanleier wat hom bystaan, gekies. Die spanleier dra 2 oranje klokkies en die adjunkspanleier 1 oranje klokke. Die spanne kan ook uit die spanleiers 'n hoofspanleier kies wat dan 3 oranje klokkies dra. Dit geld vir Penkop- en Drawwertjiespanne.

## **8.2 DIE VELDKORNETSKAP**

Spanne word volgens die behoeftes van die kommando in veldkornetskappe gegroepeer. Die leier van die veldkornetskap word 'n Veldkornet genoem. Al die ander offisiere wat spanne het en nie reeds 'n ander rang bekleed nie, word Adjudante genoem. Die veldkornet dra 3 groen kompas en die adjudante 2 groen kompas.

## **8.3 DIE KOMMANDO**

Veldkornetskappe word weer saamgevoeg om 'n kommando te vorm. Die leier van die kommando word die Kommandoleier genoem en hy word bygestaan deur Adjunkkommandoleiers. Die getal adjunkkommandoleiers word deur die behoefte van die kommando bepaal. Die kommandoleier dra 3 blou kompas en die adjunkkommandoleiers dra 2 blou kompas.

## **8.4 DIE STREEK**

'n Oordbestuur kan in oorlog met gebiedsbestuur besluit om kommando's in die oord in streke te groepeer. Die Streekleier dra dan 1 rooi kompas. Die ander lede van die streekdagbestuur dra geen rangkentekens nie.

## **8.5 DIE OORD**

Kommando's word as gevolg van hul geografiese ligging in oorde ingedeel. (Verduidelik watter kommando's saam met u eie kommando 'n oord vorm). Die oorddagbestuur en kommandoleiers van die onderskeie kommando's vorm die oordbestuur. Die Oordleier dra 3 rooi kompas en die Adjunkoordleiers dra 2 rooi kompas.

## **8.6 DIE GEBIED**

Die Gebied is in oorde verdeel. Die oordleiers saam met die Gebiedsdagbestuur vorm die Gebiedsbestuur. Die gebiedsleier dra 3 silwer wiele, terwyl die adjunkgebiedsleiers elk 2 silwer wiele dra.

## **8.7 DIE KONGRES EN HOOFBESTUUR**

Die Kongres is die hoogste gesag in *Die Voortrekkers*, maar omdat die Kongres net elke vier jaar byeenkom, tree die Hoofbestuur namens die Kongres op. As die Hoofbestuur nie in sitting is nie tree die hoofdagbestuur op. Die Hoofdagbestuur vorm saam met die gebiedsleiers en 'n vasgestelde aantal adjunkgebiedsleiers, die Hoofbestuur. Die Staatmakers het ook een verteenwoordiger op die Hoofbestuur. Die Hoofbestuur vergader jaarliks soveel keer as wat nodig mag wees. Die Hoofleier dra 3 pare gekruiste goue fakkels en die Adjunkhoofleiers 2 pare gekruiste goue fakkels.

## AANBIEDING

1. Dit is net 'n kwessie van hersiening aangesien die werk reeds behandel is.
2. Dit is nodig dat die kentekens fisies beskikbaar is of maak gebruik van die "Kenteken" boek.
3. Hersien die samestelling van die verskillende besture.
4. Maak flitskaarte van die range, en name van die bestuurslede.
5. Bou saam met die span 'n skematiese voorstelling of organogram van die besture. Maak gebruik van die sketse in die werkboek.
6. Speel die volgende spel: Maak 'n stel kaarte met woorde en sketse van die betrokke rangkentekens elk op 'n afsonderlike kaart: hoofspanleier, spanleier, adjunkspanleier, drie klokkies, twee klokkies, een klokke, veldkornet, adjudant, drie (kleur)kompassse, twee (kleur) kompassse. Maak so kaarte vir elke rang (woord uitgeskryf) en kenteken tot by die hoofdagbestuur. Die name van die persone wat die range beklee kom ook elkeen op 'n afsonderlike kaart. Dit kan, na gelang van die grootte van die span, in duplikaat of triplikaat gemaak word.

*Skommel die stel kaarte goed en deel 6 kaarte aan elkeen uit. Speel nou soos "rummy" die optel- en uitgooimetode. Die een wat eerste 'n volledige ry kan uitpak is die wenner, byvoorbeeld hoofspanleier, Piet Klopper, drie klokkies. Die stel moet die volle rangstruktuur dek.*

7. 'n Kleurplakkaat sal help met die vaslegging van die kennis wat u oordra.

## 9 SALUUT EN SEREMONIE VAARDIGHEDE

### DOEL

Om die gebruik van die saluut en basiese drilbewegings wat nodig is vir seremonies by die Penkop en Drawwertjie vas te lê.

### 9.1 DIE SALUUT

Die saluut is 'n teken van eerbetoon en daarom word daar gesalueer by die aflê van ons beloftes, tydens die ontplooiing en die stryking van ons vlag en wanneer die Nasionale lied gesing word. Die saluut word met die regterhand uitgevoer en niks mag in die saluuthand gehou word nie. Die saluut word altyd flink en netjies uitgevoer.

Die uitvoer van die saluut word in die *werkboek* beskryf.

**Oefen die saluut voor 'n spieël op die tellings: op, twee-drie, af, twee-drie, totdat dit flink en korrek gedoen kan word.**

### 9.2 VLAGSEREMONIES

#### Inleiding:

Daar word van 'n verskeidenheid maniere gebruik gemaak om vlag te hys en te stryk. Om kreatiewe variasies van vlagghysings en strykinge met gemak en selfvertroue te kan doen, moet die kind eerstens oor die kennis en vaardigheid beskik hoe om die standaard vlagseremonies te hanteer. **Dit is soos om in die laerskool jou tafels te leer sodat jy later wiskunde sal kan doen.**

Dit sal ook vir die jeuglid moeilik wees om op kampe, saamtrekke en kursusse reg te kom as verskillende opsies daar uitgeoefen word sonder dat hulle die beginsels van 'n standaard vlagseremonie ken.

Omdat die standaard seremonies 'n bepaalde orde het waarbinne die opdragte gegee word, is dit vir die kind makliker en voel hy veiliger omdat hy nie hoef te improviseer nie. Sodra hulle met gemak 'n standaard vlagseremonie en die voorgeskrewe drilbewegings kan doen, kan variasies bygevoeg word.

Die Voortrekkers gebruik seremonies met die doel om:

- ☞ Samewerking te bewerkstellig.
  - ☞ Orde te handhaaf.
  - ☞ Gesagsaanvaarding 'n gewoonte te maak.
  - ☞ 'n Goeie beeld in die openbaar te skep.
  - ☞ Bepaalde seremonies uit te voer.
  - ☞ Selfdisipline te beoefen.
- By drilwerk is daar een persoon wat bevele hard, duidelik en flink gee. Hy is die seremonieleier (seremonieleier). Bevele is die opdragte wat hy wil hê uitgevoer moet word. Almal wat deel van die seremonie of drilgroep is, gehoorsaam sy bevele flink en netjies.
  - Hierdie bevel kom altyd in twee dele, byvoorbeeld **A-a-n-dag**. Die bevel bestaan uit 'n waarskuwende en 'n uitvoerende deel. Die **a-a-n** is die waarskuwende deel en word uitgereken. Terwyl dit gehoor word, weet almal dat die uitvoerende deel van die bevel **dag** moet volg. Almal dink nou vinnig wat gedoen moet word en doen dit op die bevel **dag**. Bevele word gelyk, flink en netjies uitgevoer.
  - Voor die bevel word ook 'n waarskuwingswoord soos byvoorbeeld Penkoppe, Drawwertjies, Voortrekkers of span gegee, sodat almal kan weet wie die bevel moet uitvoer. **Leeus, a-a-n-dag, Penkoppe, Drawwertjies** of **Leeus** is die eerste waarskuwing, **a-a-n** die tweede waarskuwing en **dag** die uitvoerende deel van die bevel.

Om drilwerk presies gelyk te kan doen, word dit met tellings gedoen. Die offisier moet die tellings en die fyner besonderhede van die drilbewegings aan die spanlede leer. Meer inligting is vervat in Reglement, hoofstuk 27: Paradewerk. Die offisier moet die paradewerkreglement gebruik wanneer daar enige onduidelikhede of onsekerhede is. 'n Nuwe offisier kan ook 'n ander offisier of 'n senior verkenners vra om aanvanklik te kom help. Moet egter nie altyd afhanklik wees van ander vir die drilwerk nie. Dit is 'n heerlike saamdoen aktiwiteit vir span en offisier. U as offisier moet die bewegings saam met die span aanleer en dit saam met hulle kan doen, anders raak u agter.

#### AANBIEDING

- *Seremonies en drilwerk is 'n baie belangrike, selfs 'n essensiële deel van Voortrekkerwerk, sonder om van Die Voortrekkers 'n semimilitaristiese organisasie te maak. Parades bring dadelik orde en dan is dit makliker om dissipline toe te pas. Daarom is dit belangrik dat almal dit korrek en met gemak kan doen en hiervoor is oefening nodig. Oefen by elke spanbyeenkoms, maar nie te lank op 'n keer nie. Selfs 5 minute is lank genoeg.*
- *Onthou dat kinders uitstekende na-apers is. Sorg dus vooraf dat u self die bewegings kan uitvoer en die bevele korrek kan gee. Gebruik die kommando se offisiersraadvergaderings om vir 'n rukkie as offisiere saam te oefen. Oefen verder tuis voor 'n spieël.*
- *Wanneer u met drilwerk by u span besig is, demonstreer voortdurend deur saam met die span te beweeg en hulle ook **hardop te laat tel**.*
- *Staan met u rug na die span om bewegings te demonstreer. **Tel hardop**.*
- *Help die kind om die volgende bewegings met selfvertroue uit te voer.*


**Die persoon wat die bevel gee is altyd op aandag.**

*Die beskrywings van die bewegings kom slegs in u boek voor en u moet dit dus aan die span verduidelik en demonstreer*

**Volledige beskrywings van al die bewegings  
sal u in die reglemente vind.**

### 9.3 AANTREE VAN 'N GROEP

Voordat 'n seremonie kan plaasvind, moet almal eers op 'n ordelike wyse aantree. Die seremonieleier marsjeer tot tussen die twee vlagpale en gee dan die bevel: **A a n t r e e**. Heelvoor, 7 meter van die vlagpale af gaan die MERKERS staan. Agter hulle val die spanleiers in en die spanne langs die spanleiers. Die dogterspanne staan nou regs voor die pale en die seunspanne links voor die pale. Almal staan OP DIE PLEK RUS totdat die seremonieleier die volgende bevel gee.



### 9.4 HANTEER VAN 'N VLAGSEREMONIE

Soos in Reglement, Paradewerk. **Gebruik ook die kolomme in die werkboek.**

### 9.5 UITTREE VAN DIE GROEP

Nadat die bevelvoerende offisier toestemming gegee het dat die groep mag uittree, beveel die seremonieleier **Voortrekkers, a a n - dag**. Na die bevel uitgevoer is, gee hy die bevel **U-i-t - tree**. Op dié bevel maak die groep, uitgesonderd die funksionaris agter die pale, 'n *regsom*, marsjeer drie treë reguit vorentoe en breek dan die gelid. Die seremonieleier wys vooraf 'n persoon aan om die telling uit te roep.

Nadat die groep uitgetree het, maak die seremonieleier 'n *omkeer* en beveel: **Offisiere, - u-i-t - tree**. Op dié bevel tree die funksionaris agter die pale, soos die groep uit. Na die offisiere uitgetree het, tree die seremonieleier self ook uit.

### 9.6 AANDAG

- a. So klink die bevel: **A-a-n-dag**.
- b. Op die bevel **dag** maak die Penkop en Drawwertjie so:
  - ❖ Die bevel word gegee wanneer die spanlede op die plek rus staan.
  - ❖ Hou die regtervoet stil en die regterknie reguit.
  - ❖ Lig die linkerknie en bring die linkervoet flink tot langs die regtervoet. Die gewig is op albei voete en die hande kom toegevoeg langs die sye, nie gebal nie.

### 9.7 OP DIE PLEK RUS

- a. So klink die bevel: **Op die p-l-e-k ---- rus.**
- b. Op die bevel **rus** maak die Penkop en Drawwertjie so:
  - ❖ Hy het op aandag gestaan.
  - ❖ Hou die regtervoet stil en die regterbeen reguit. Lig die linkerknie en bring die linkervoet tot 'n entjie van die regtervoet af, die gewig is eweredig op albei voete. Die voete word nie gestamp nie.
  - ❖ Gelyktydig met die voete se beweging, beweeg die hande met die kortste pad agter die rug in. Die agterkant van die regterhand lê in die palm van die linkerhand en die regterduim is oor die linkerduim gekruis.

### 9.8 STAAN IN RUS

- a. So klink die bevel: **Staan-in-rus.**
- b. Op die bevel **rus** maak Penkop en Drawwertjie so:
  - ❖ Die bevel kom wanneer hy op die plek rus gestrek gestaan. Hy ontspan. Nou mag die knieë gebuig word, die hande mag beweeg maar die voete moet op dieselfde plek bly. Hy mag sy sakdoek gebruik, die jeukplek krap, die sweet afvee of sy klere regtrek. Hy mag nie sy voete versit nie; hulle moet op presies dieselfde plek bly.

### 9.9 LINKSOM

- a. So klink die bevel: Voortrekkers, l-i-n-k-s om.
- b. Op die bevel **om** maak die Penkop en Drawwertjie so:
  - ❖ Hy staan op aandag.
  - ❖ Draai 90° links met die arms gestrek langs die sye. Die arms mag nie rondswaai terwyl gedraai word nie. Draai op die linkervoet se hak en die bal van die regtervoet, hou albei knieë gestrek. Lig die regterknie en bring die regtervoet flink tot langs die linkervoet; almal presies gelyk. Hy staan nou weer op aandag, maar het links gedraai.

### 9.10 REGSOM

- a. So klink die bevel: Voortrekkers, r-e-g-s om.
- b. Op die bevel **regs om** maak die Penkop en Drawwertjie so:
  - ❖ Hy staan op aandag
  - ❖ Draai 90° regs met die arms gestrek langs die sye. Hulle mag nie rondswaai terwyl gedraai word nie. Draai op die regtervoet se hak en die bal van die linkervoet, knieë gestrek. Lig die linkerknie en bring die linkervoet flink tot langs die regtervoet; almal presies gelyk. Hy staan nou weer op aandag, maar het regs gedraai.

### 9.11 MARSJEER

- a. So klink die bevel: **Voorw-a-a-r-t-s mars.**
- b. Op die bevel **mars** maak die Penkop en Drawwertjie so:
  - ❖ Hy staan op aandag



- ❖ Gelyktydig met die woord **mars** gaan die linkervoet en die regterarm vorentoe. Al die rye beweeg gelyk sodat die groep gelyktydig vorentoe beweeg. Luister na die persoon wat die pas "links, regs, links, regs" aangee en bly so saam in pas. Kyk altyd reguit vorentoe en met die ken gelig. Die arms is gestrek en swaai so hoog soos die hemp se sak. Die gewigte is reguit met die duim en die voorarm in lyn. Die vingers is net toegevou, nie gebal nie. Die hak raak eerste grond en die knie is gestrek.

### 9.12 HALT

- a. So klink die bevel: **Voortrekkers, halt.**
- b. Op die bevel **halt** maak die Penkop en Drawwertjie so:
  - Hy is besig om te marsjeer en moet nou tot stilstand kom.
  - Op die bevel **halt** moet elke lid van die drilgroep presies gelyktydig met die ander lede tot stilstand kom. Die bevel **halt** word gegee sodra die linkervoet grondvat. Dan word nog een tree met die regtervoet en 'n tree met die linkervoet gegee. Die arms moet swaai tot die laaste tree en dan gestrek langs die sye tot stilstand gebring word.
  - Die bevel **halt** word gegee wanneer die linkervoet grond raak. Dan word STUIT getel vir die verdere tree van die regtervoet, EEN vir die linkervoet se stuitree en TWEE wanneer die regtervoet flink langs die linkervoet tot stilstand kom.

### 9.13 OMKEER

Om 'n groep 'n omkeer te laat maak is die bevel **Afdeling/ Voortrekkers** (of 'n ander soortgelyke aansprekende woord), **o-m - keer**. Die bevel word uitgevoer presies soos in *regsom*, behalwe dat daar 180° na regs gedraai word. Die arms beweeg nie en die draai is altyd na die regterkant toe. Die ewewig word behou deur die dye te sluit. Let daarop dat die telling *EEN, TWEE* in hierdie geval beslis nie gejaag moet word nie.

### 9.14 RIG

Wanneer Voortrekkers in twee of meer geledere aantree, stoot slegs dié in die voorste gelid hulle arms uit op die bevel **R-e-g-s rig**. Die ander Voortrekkers, behalwe die merkers en die Voortrekkers direk agter hulle, (spanleiers) draai hulle koppe na regs en sien toe dat hulle net die tweede regterkantse maat se ken sien. Die merkers en die Voortrekkers direk agter hulle bly in die *aandag*-posisie. Elke Voortrekker wat agter 'n merker staan, maak seker dat hy een tree agter die Voortrekker direk voor hom is. Indien nie, kom hy met skuiftreetjies in posisie.

### 9.15 OË FRONT

Op die bevel **O-ë front** kyk almal weer vorentoe en die arms van die eerste gelid word flink langs die sy gebring sonder om met die hand teen die klere te klap.

#### AANBIEDING

1. *Nadat u uself op hoogte gebring het hoe die bewegings uitgevoer moet word, is dit noodsaaklik om dit prakties toe te pas.*
2. *Dit is die beste om weekliks kort oefensessies te hou. Die kinders is aanvanklik traag omdat hulle bang is dat hulle foute sal maak. Sodra hulle seker is van die bewegings geniet hulle elke oomblik.*

## 10 SPESIALISASIES VIR GRAAD 7

Vir graad 7 jeuglede is daar vier rigtings waarin hulle kan spesialiseer. Die vier rigtings is gekies met die Penkop- en Drawwertjebelofte in gedagte, omdat ons op die manier die belofte vir die kind werklikheid wil maak.

### Die Penkop- en Drawwertjie -belofte.

Ek sal oral en altyd probeer om 'n Voortrekker te wees,  
om gehoorsaam te wees,  
om my volk (**Afrikanerkind**), my land (**Erfgrond**) en my medemens (**Medemens**) te dien  
en bo alles die Here (**Godsdiens**) lief te hê.

Dit is verpligtend om een van die bogenoemde spesialiseringe suksesvol te deurloop om in aanmerking te kom vir die Voorslag Penkop en -Drawwertjietoekenning

Die vier rigtings is (“Belofte” spesialisasies):

- **Afrikanerkind** (volk) handel oor verskillende fasette van ons volk se kultuur.
- **Erfgrond** (land) met dié kenteken word kennis met ons bodem en boerdery gemaak.
- **Medemens** - gee riglyne hoe om op te tree teenoor ander mense, om sosiaal te verkeer en om smaakvol aan te trek.
- **Godsdiens** – Om te besef hoe intens God deel is van ons daaglikse bestaan.

Voordat u begin, lees eers die volgende in die Spesialisasieboek deeglik deur.

- Algemene inligting
- Spesialiseringsvereistes

Die Spesialisasies hoef nie net **na** die graadwielwerk gedoen te word nie. Dit kan:

- Deur die jaar saam met die graadwielwerk hanteer word.
- Op 'n kamp volledig afgehandel word.
- Tydens spesiale werkwinkels of saamtrekke afgehandel word.

Hoe beter u voorbereid is, hoe meer gaan u en die jeuglede dit geniet en daarby baat vind. Die vereistes en metodes vir aanbieding van hierdie spesialisasies is volledig in die boek: *Spesialisasies vir Penkoppe en Drawwertjies*.

Geniet dit!!!

## 11 DIE VERKENNER

### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie bekend te stel aan die wêreld van die Verkenner.
2. Om die Penkop en Drawwertjie te **prikkel en te motiveer** om voort te gaan as Voortrekker.

Die naam Verkenner kom uit ons volksgeskiedenis. Dit is gebruik op kommando's waar jong manne vooruit gestuur is om die omgewing te verken en die vyand te identifiseer. Die naam pas by jong mense wat nuwe dinge raaksien en vorentoe wil beweeg.

In *Die Voortrekkers* word die naam "Verkenner" gegee aan die graad 8 tot 12 jeuglede. Hulle leerplanne is so saamgestel dat hulle deurentyd besig is om die lewe te verken.

Die rangkentekens van Verkennerspanleiers is die kruithoring waar die Penkop- en Drawwertjiespanleiers se rangkenteken die klokke is. Die kruithoring was deel van die Trekkers se wapentoerusting. Die kruithoring is van bees- en buffelhorings gemaak. Die groot opening van die horing is met 'n stukkie ronde hout toegemaak. Die skerp punt van die horing is afgesaag sodat daar 'n klein gaatjie was wat met 'n prop gesluit is. Die proppe is dikwels met 'n riempie aan die skouerband verbind. Die kruithoring was altyd byderhand. Die kruit was verantwoordelik vir die dryfkrag (ontploffing) in die geweerkamer, wat dan die koeël uit die loop gedryf het. Net so moet die spanleier die dryfkrag agter sy span wees.

Wees versigtig om nie te veel klem te lê op die "lekker" deel van Verkenner wees nie. Beklemtoon die lewenslesse en lewensvaardighede wat aangeleer kan word en persoonlikheidsontwikkeling wat in die Verkennerjare kan plaasvind.

In die graad 7 *werkboek* word uitgebrei oor die lekker dinge in die Verkennerlewe, maar dit is ook belangrik dat die jeuglid moet beseft dat verantwoordelikheid en pligsgetrouheid 'n groter rol in die toekoms gaan speel en dat plig en plesier hand aan hand loop.

Elke jaar ontvang die Verkenner 'n graadwiel as hy die leerplan volledig voltooi het. In die graad 12 jaar kan die jeuglid inskryf vir die landswye hoofleierswageksamen. Die eksamen handel oor die kennis vaardigheid en houding (gesindheid) wat hy vanaf graad 8 opgedoen het. As die kandidaat die eksamen slaag, ontvang hy die Hoofleierswagtoekenning (kortweg HW genoem). Sou die kandidaat aan verdere vereistes voldoen kan hy uitgenooi word na die Presidentverkennerkamp waar hy op verskeie terreine praktiese geëvalueer word. Behaal hy 'n bepaalde persentasie, ontvang hy ook die Presidentverkenner-toekenning (kortweg PV genoem).

### AANBIEDING

1. *Punte om met die span te bespreek*
  - *Wie is Verkenners?*
  - *Hoe verskil hulle van die Penkoppe en Drawwertjies?*
  - *Hoe lyk die spanleiers se rangtekens?*
  - *Waar kom die naam Verkenner vandaan?*
2. *Bespreek die vooruitsigte van Verkenner wees. (Kyk na die werkboek se aantekeninge)*
3. *Bespreek kortliks die inhoud van die Verkennerleerplan. Woon 'n spanvergadering van 'n positiewe Verkennerspan by.*
4. *Vertel van praktiese aktiwiteite soos kampe, vlotvaarte, nag- en roetemarse en staptogte.*
5. *Verduidelik wat Hoofleierswag en Presidentverkenner is. Reël dat die span 'n oorhandigingsfunksie van Hoofleierswag of Presidentverkenner bywoon.*
6. *Beplan 'n oorvliegseremonie waarheen die Verkennerjeugleier van die oord of gebied ook uitgenooi word en die kommando se jeugleiers as gasheer optree.*

## EK AS AFRIKANER

### DOEL

Om, deur middel van kennis van die Afrikaner se geskiedenis en leefwyse, die Penkop en Drawwertjie te help om 'n gesonde volkstrots en vaderlandsliefde te ontwikkel, wat hom sal help om in ons multi kulturele land sterk te kan staan en verantwoordelik te kan optree.

### AANBIEDING

*Belangrik: Gebruik ook die werkboek wanneer u voorberei.*

### Wenk:

*Omdat die hoofstuk hoofsaaklik met die brein en die hart te doen het, kan dit baie teoreties word as daar nie besonder goed beplan en voorberei word nie. Die omstandighede waarin die werk bespreek word, moet dus met sorg gekies word. Hier volg 'n paar idees waarop u verder kan uitbrei.*

- *Reël 'n spanpiekniek by 'n monument in die omgewing en gesels daar oor die onderwerp.*
- *Bespreek dit om 'n kampvuur waar die span intens bewus is van die natuurskoon van hul land en van die onderwerpe.*
- *Verwerk gedeeltes in 'n tablo wat vir ander spanne opgevoer kan word.*
- *Verdeel die span in groepe. Gee aan elke groep 'n spesifieke gedeelte van ons geskiedenis waarvoor hulle navorsing moet doen. Die opdrag is dan om inligting, voorwerpe, foto's, videos, sketse en CD's in die hande te kry en 'n sinvolle en leersame uitstalling saam te stel. Die besprekings vind dan by die uitstalling plaas.*

## 1 AFRIKANER VANDAG.

Om die gedeelte suksesvol te kan aanbied moet u uself deeglik op hoogte bring van die ses fasette wat in die *werkboek* as boustone van die Afrikaner aangegee word. U moet die rolmodel Afrikaner wees vir wie die spanlede graag sal wil navolg. Daarvoor het u nodig om:

- 'n Kennis van plekke, gebeure en mense in ons land te hê.
- Om Afrikaans suiwer te praat en vir hulle aan te moedig om dieselfde te doen.
- Die "storie" van die volk se verlede te ken en interessant en met passie dit aan die kind oor te dra.
- Die hedendaagse leefwyse in ons land te ken en te kan hanteer.
- Haalbare drome en ideale vir die spanlede te help skep, want hulle is môre se leiers.
- Steeds geestelike waardes voor te hou en dit voordurend op te skerp.

## 2 AFRIKANER – EIENSKAPPE.

Die Afrikaner se negatiewe eienskappe word so baie in die media en die politiek uitgespel dat ons hier gerus net op die positiewe kan konsentreer.

### 2.1 SY CHRISTELIKE GRONDSLAG

word uitgebeeld in:

- Godsdien op skool (iets wat ook nou bedreig word)
- kerkbywoning en huisgodsdien
- hulp van God wat gevra word vir groot besluite.

- God word genader in krisistye
- 'n Groot groep van die volk probeer nog leef volgens Bybelse voorskrifte.

## 2.2 SY LIEFDE VIR SY LAND

kom tot uiting in:

- opofferings tydens oorloë
- bewaring van hulpbronne
- wetsgehoorsame burgers te wees
- harde eerlike werkers te wees

## 2.3 SY WIL OM VOORT TE BESTAAN

is sigbaar in:

- Die Groot Trek
- Anglo-Boereoorlog
- Die stryd vir erkenning van regte
- Die taalstryd
- Bereidheid om op die grens te gaan veg
- Duisende rande word bestee om eiendom en besittings te beskerm

## 2.4 SY VRYHEIDSSTREWE

is sigbaar in:

- Die Groot Trek
- Die Anglo Boere-Oorlog
- Republiekwording
- Stryd tot erkenning in 'n demokratiese samelewing.

U kan self nog baie uitbrei op elkeen van die stellings. Dit is belangrik dat die jeuglid moet besef waarom dit hier gaan. Dan sal hulle ook verstaan hoekom bepaalde optredes, besluite en standpunte ingeneem is. Sonder om politiek te praat, moet **volkstrots** hier gebou word.

**OPDRAGTE:** Bespreek as span.

Die afdeling is ingesluit om aan die jeuglid oefening te gee om oor aktuele sake te redeneer en om standpunt in te neem. U moet egter die nodige regstellings maak en inligting verskaf waar hulle dwaal. Bring telkens die besprekings **in lyn met die ABC** van *Die Voortrekkers*.

**a. Wanneer is 'n persoon 'n.....** Gebruik woordeboeke waaruit dan 'n goeie verduideliking vir elke woord soos in die *werkboek* aangegee, saamgestel word.

**b. Stellings deur bekende persone.**

“Skeur jou los van jou eie nasie af en verwonder jou dat ander nasies nie oormekaar val om jou in te neem nie”.

Sou jou eie volk nie goed genoeg vir jou wees nie, sal ander volke huiwerig wees om jou te aanvaar.  
Dalk laat jy hulle ook spoedig in die steek.

“Afrikaans is een van Suid Afrika se trotse veelrassige prestasies”.

Ons taal het gegroei uit insette van alle volke wat binne ons grense gewoon het en nog steeds woon.  
Rasverskille het hier geen rol te speel nie.

“Mense bid soos hulle lewe”.

Elkeen bid vir wat hy as belangrik beskou. Sou hy baie geld wou maak, sou hy vir meer geleenthede, beter oeste en beter kanse vra. Sou sy behoefte gesondheid wees sou dit in sy gebed voorkom. As ons familie, volk en land vir ons belangrik is, behoort dit daagliks in ons gebede voor te kom.

“Die geskiedenis is die getuie van die verlede, die voorbeeld en leermeester van die hede en ‘n waarskuwing vir die toekoms”.

Die geskiedenis is die getuie van die gebeure in die verlede. Die geskiedenis kan in perspektief geplaas word, sodat dit as riglyne vir die toekoms kan dien.

**c. Wat sal jou bydrae wees?**

Maak seker dat elkeen se voorstel tot ‘n bydra vir sy volk se voortbestaan wel haalbaar en uitvoerbaar vir ‘n graad sewe kind is. ‘n Kort verduideliking van elkeen se keuse sal dalk help om die uitdaging meer werklik te maak. Daar kan selfs gevra word dat hulle aan die einde van die jaar moet kom verslag doen wat hulle wel bereik het. Praat is baie makliker as doen.

Die kind moet reeds vroeg in die lewe leer om, as ons die gesegde so ietwat kan nek omdraai, “sy hand en wil te sit waar sy mond is”. In die volwasse wêreld van vandag het ons baie “praters” maar min “doeners.”

Gee geleentheid vir die span om die opdragte in die *werkboek* te voltooi soos u vorder.

## EK AS LANDSBURGER

### 1 GESKIEDENIS - REPUBLIEKWORDING

#### DOEL

Om die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika aan die Penkop en Drawwertjie bekend te stel, sodat hy hom daarmee kan vereenselwig.

---

#### Wenk

*Moet dit nie as 'n geskiedenisles sien, benader of oordra nie. Bring uself deeglik op hoogte van die gebeure sodat u dit in 'n gesprek interessant aan die spanlede kan oordra. Net soos die kind 'n studie gemaak het van sy stamboom, so is dit ook nodig om 'n studie te maak van sy volk se "stamboom".*

Slegs beknopte inligting word gegee. In die handel is baie boeke oor die onderwerp beskikbaar om u agtergrondkennis te verbreed. Die volgende twee boeke is hier gebruik:

- F.A. van Jaarsveld - Van van Riebeeck tot PW Botha
- A.J.H. van der Walt - Geskiedenis van Suid-Afrika

Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910, het heelwat politieke partye gekom en gegaan. Leiers het verskillende standpunte ingeneem, veral wat die Unie se verhouding met Brittanje betref asook die beleid teenoor die swart nasies, Kleurlinge en Indiërs.

Met die oorwinning in die 1948-verkiesing het die Nasionale Party al meer republikeinsgesind geword. Wette is gemaak om die strewe te bereik. Brittanje het erg krities gestaan teenoor veral die kleurbeleid. Bande met Brittanje het al losser geword. Suid-Afrika wou homself nie van die res van die wêreld isoleer nie.

Ons het egter ook teenkanting begin kry van die VVO (VN) na aanleiding van ons pogings om Suidwes-Afrika (vandag Namibië) by die Unie in te lyf. Sterk buitelandse kritiek het ook gekom vanweë ons rasse-apartheid. Dit is gesien as die uitgediende Nazi-beleid van rasse-meerderwaardigheid. Al Suid-Afrika se pogings om sy saak in die regte lig te stel, is verontagsaam deur teenstand en verdagmakery.

Die VVO (VN) het ondanks klousule 2 van sy grondwet begin inmeng in die huishoudelike sake van Suid-Afrika. Dit was die begin van jarelange kritiek, verdagmaking en isolering van Suid-Afrika. Daar is selfs so ver gegaan soos die toepassing van sanksies.

Kritiek, opstande en opstokery van oor ons grense heen, het voortdurend 'n rol gespeel in die politiek van die dag. Kort na die aanvang van die parlamentsitting in 1960 kondig dr Verwoerd aan dat 'n volkstemming (referendum) gehou sal word oor die beginsels van 'n republiek. Gevoelens het hoog geloop en 'n aanslag is in April 1960 op die lewe van dr Verwoerd gemaak. Hy was baie ernstig beseer, maar het wonderbaarlik herstel. Suid-Afrika het die daad eenparig verafsku.

Op 5 Oktober 1960 vind die referendum plaas. Met 'n meerderheid van 74,580 stemme kon die regering voortgaan om 'n republiek 'n werklikheid te maak. 'n Maand later is 'n konsepgrondwet gepubliseer. Die ou grondwet wat op die Britse parlementêre model gerig was, is hoofsaaklik behou, maar daar is voorsiening gemaak vir 'n staatspresident wat die plek sou inneem van 'n koning of monarg.

Op 20 November 1960 verklaar dr Verwoerd dat hy voorkeur gee aan 'n republiek binne die Statebond. In Maart 1961 stel hy sy saak in London by 'n konferensie vir statebondspremiers. Vanweë die houding van die Statebondspremiers, van wie die meeste nie-blanke lede was, is dr Verwoerd op 15 Maart 1961 verplig om Suid-Afrika se aansoek om verdere lidmaatskap van die Statebond terug te trek.

Op 31 Mei 1961 word Suid-Afrika 'n republiek, buite die Statebond, met 'n eie grondwet en 'n staatspresident, Adv C. R. Swart. Die Stem word behou as volkslied en die oranje, wit en blou word behou as landsvlag.

Advokaat C. R. Swart word op 31 Mei 1961 in die NG Kerk in Bosmanstraat, Pretoria, ingesweer as president en op Kerkplein, Pretoria, word hy aan die volk van Suid-Afrika voorgestel. Vir elke Suid-Afrikaner was die dag 'n dag van herinnering, van vervulling, van herstel en van hoop.

Suid-Afrika kan trots wees daarop dat die terugkeer na 'n republiek nie deur 'n revolusie plaasgevind het nie, maar deur geleidelike ontwikkeling, onopvallend en sonder groot dramatiese gebeure.

Tydens die NP bewind onder F.W. de Klerk, het die regering, onder druk van sanksies en binnelandse oproer en terreur, besef dat die hele politieke bestel in 'n kruitvat kan ontaard. Daarom het onderhandelinge begin wat die hele politieke bedeling in Suid-Afrika sou verander. Nelson Mandela is vrygelaat, 'n volle demokratiese verkiesing is in 1994 gehou en die ANC het aan bewind gekom.

### AANBIEDING

*Die onderwerp word hoofsaaklike deur gesprekvoering aangebied. Voltooi saam met die span die blokkiesraaisel. U moet toesien dat:*

- *Die kind verstaan hoe die gebeure hom raak.*
- *Hoe die gebeure aanleiding gegee het tot die situasie vandag.*
- *By die kind 'n trots vir sy mense kweek.*
- *Hy moet besef dat hy 'n Afrikaner is en trots wees daarop.*
- *Trots wees op wat die Afrikaner in die verlede bereik het en daarom bereid wees om ook sy deel te doen.*

### Antwoorde van die blokkiesraaisel:

#### Dwars:

1. Volkstemming
2. Kleurbeleid
3. Nazi
4. Nasionale
5. Revolusie
6. Monarg

#### Af:

7. Kleurlinge
8. SWA
9. Mei
10. Sanksies
11. VVO
12. Unie
13. Swart

## 2 DIE NASIONALE LIED

### DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie vertrouwd te maak met die agtergrond en ontwikkeling van ons huidige Nasionale Lied.



*Omdat die Stem van Suid-Afrika nie meer as volkslied gebruik word nie, word die pragtige lied met sy besonderse woorde, deel van ons kultuurerfenis.*

Sedert 1994 is *Die Stem van Suid-Afrika* en *Nkosi sikelel I Afrika* in kombinasie as Nasionale Lied van Suid-Afrika gesing. Dit was onprakties omdat dit baie lank was en op 10 Oktober 1997 is 'n meertalige gekombineerde lied in Die Staatskoerant as die Nasionale Lied van Suid-Afrika afgekondig.

**Die woorde van die verskillende liedere is in die werkboek.**

## 2.1 DIGTER - DIE STEM VAN SUID-AFRIKA, C J LANGENHOVEN

C.J. Langenhoven is in 1873 op die plaas Hoeko naby Ladismith (Wes-Kaap) gebore. Hy het joernalis geword. In 1914 kies hulle hom as lid van die Kaapse Provinsiale Raad. Later word hy volksraadslid en senator. Teen die tyd was hy reeds 'n veelsydige skrywer en het gedigte, romans, kinderverhale, spreuke, limerieke, lirieke en Bybelse verhale geskryf. In 1914 word Afrikaans, met sy hulp, 'n amptelike taal in die laerskool. Langenhoven het vir meer as 20 jaar hard gewerk vir die regte van ons taal. Sy geskifte het baie lewenswaarhede bevat en is vandag nog vir ons waardevol. Vir Langenhoven was diens aan sy volk en sy taal 'n lewensroeping. Ons kan in die pragtige woorde van *Die Stem van Suid-Afrika* sien hoe lief hy vir sy volk en land was. In 1921 word die lied in die bundel "*Eerste Skoffies op die pad van Suid-Afrika*" gepubliseer. Hy is in 1932 oorlede en is begrawe op Oudtshoorn waar hy sy lewe lank gewoon en gewerk het. Hy en sy vrou Engela, word in April 2003 by hulle woonhuis, "Arbeidsgenot" (historiese monument), herbegrawe.

## 2.2 KOMPONIS - DS M. L. DE VILLIERS

Toe ds De Villiers die musiek vir *Die Stem van Suid-Afrika* geskryf het, was hy predikant op Simonstad. Vanuit sy studeerkamer het hy uitgekyk oor die see en aan die oorkant van Valsbaai het hy die berge gesien. Hy het aangevoel wat Langenhoven met die woorde probeer sê het en het besef dat sy musiek die boodskap verder moet uitdra. So het die onsterflike melodie van ons eertydse volkslied ontstaan. In 1924 is *Die Stem van Suid-Afrika* die eerste keer in die openbaar uitgevoer. Op 2 Mei 1957 is dit tot enigste amptelike volkslied van die Unie van Suid-Afrika verklaar. In 1940 is 'n ere-medalje deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan ds De Villiers toegeken.

## 2.3 DIGTER - NKOSI SIKELEL 'I AFRIKA, ENOCH SONTONGO

Hierdie gebedslied is in 1897 deur Enoch Sontongo, 'n onderwyser verbonde aan 'n sendelingskool in die destydse Transvaal geskryf. Volgens oorlewering is die lied die eerste keer in 1899, met die bevestiging van die eerste swart predikant van die Metodistekerk van Nancefield in die destydse Transvaal, gesing.

Die woorde van die lied is die eerste keer in 1927 in 'n Johannesburgse weekblad "Umtetelell wa Bantu" gepubliseer. *Nkosi Sikelel' I Afrika* het in 1963 die Nasionale lied van die Transkei geword toe die gebied onafhanklik geword het.

Samuel E K Mqhayi het 'n verdere sewe strofes, almal met dieselfde strekking as die oorspronlike gedig, bygeskryf. Hierdie strofes word egter selde gesing.

## 2.4 KOMPONIS

Dit is nie bekend wie die toonsetting vir die lied gedoen het nie.

## 2.5 DIE NASIONALE LIED VAN NAMIBIË

Hierdie lied is geskryf en getoonset deur Axali Doëseb en is op 21 Maart 1990 in gebruik geneem.

## 2.6 GELEENTHEDE.

Die lied word slegs by geleentehede wat dit waardig is, te midde van eerbiedige aandag deur elke mens teenwoordig, gesing.

Die Voortrekkergeleentehede is:

- ❖ Tydens vlagseremonies.
- ❖ By volksfeeste.
- ❖ By Voortrekkerbyeenkomste.

## 2.7 KORREKTE OPTREDE.

- ❖ Wanneer Voortrekkers teenwoordig is waar die Nasionale lied gesing word, salueer die persoon in bevel of met die hoogste rang, vir die duur van die lied. As blyk van eerbied, sing hierdie persoon nie saam solank as wat hy salueer nie.
- ❖ As 'n ander land se lied gesing of gespeel word, staan ons stil en luister met respek. Ons verwag dieselfde van hulle as ons Nasionale lied gespeel word. Niemand hoef te salueer nie.
- ❖ Omdat die Nasionale lied 'n simbool van ons land is, verdien dit ons hoogste eerbied. Daarom staan ons op aandag wanneer ons die Nasionale lied sing of na 'n ander land se Nasionale lied luister. As die Nasionale lied egter deel is van 'n item in 'n program bly ons sit maar luister met aandag en eerbied daarna. Niemand kyk rond of gesels nie.

### AANBIEDING

1. Vertel kortliks wat 'n Nasionale lied is.
2. Leer die woorde greep vir greep aan en maak seker dat die span die woorde reg sê en begryp wat hulle sê.
3. Sing die lied ook soms by spanbyeenkomste.
4. Gee aandag aan die houding van u spanlede wanneer die lied gesing word.

## 3 DIE NASIONALE VLAG

### DOEL

Om deur middel van kennis van verskeie fasette van die vlag, 'n gevoel van nasietrots te laat ontstaan wat die Penkop en Drawwertjie in staat sal stel om mede verantwoordelikheid te **wil** aanvaar vir die wel en wee van ons Vaderland.

---

Baie ver terug in die geskiedenis van volke is aanvalle teen mekaar altyd gedoen met 'n vlagdraer voor die soldate wat gaan veg. Solank as wat die vlag wapper is die soldate onder die vlag in beheer maar sodra die vlagdraer gedood of die vlag afgeneem word is die soldate aan die verloorkant. Vandag nog word die oorwinnaar se vlag in die land wat hy oorwin het, gehys.

'n Vlag dra dus 'n boodskap uit en is nie bloot 'n lap of versiering aan 'n paal nie. Die vlag is 'n simbool van 'n volk se vryheid en onafhanklikheid. Dit wys dat 'n volk sy eie besluite kan neem en sy eie sake kan reël.

Die vlag moet dus met dieselfde respek as wat ons ons vryheid koester, behandel word. Die Voortrekkers betoon respek aan die vlag en sy betekenis deur dit volgens bepaalde reëls te hanteer en deur verskeie vlagseremonies uit te voer terwyl die persone wat dit doen formeel geklee is en die toehoorders ordelik reageer.

### 3.1 WAT IS 'N VLAG?

'n Eie vlag is 'n teken van 'n nasie of organisasie of 'n skool se onafhanklike bestaan en is 'n teken van hulle soewereiniteit (eie baas). So 'n uitkenningsteken is gewoonlik die trots van 'n land se mense, 'n skool se leerlinge of 'n organisasie se lede. Mense is ook bereid om op te offer ter wille van 'n vlag. Selfs oorloë is al gevoer vir die behoud van 'n vlag.

### 3.2 WAAROM 'N VLAG?

'n Eie vlag maak mense trots, gee aan hulle selfrespek en motiveer hulle. 'n Vlag is belangrik omdat dit sê wie jy is en waarvoor jy staan.

### 3.3 GEBRUIK VAN VLAE

*Die Voortrekkers* gebruik die Nasionale vlag en die Voortrekkervlag by al hul vlagseremonies, binnenshuis sowel as buitenshuis. Die vlae kan ook volgens die vlagkode gebruik word by vlagoptogte, tydens volksfeeste en spesiale geleenthede.

### 3.4 VERSORGING VAN VLAE.

- ❖ Vlae word opgerol gebêre.
- ❖ 'n Stormvlag word buite in stormagtige weer gebruik.
- ❖ Vlae word met die nodige eerbied hanteer wanneer dit gebruik word.
- ❖ Ongeag die sorg waarmee vlae hanteer word, moet hulle na 'n tyd noodgedwonge vervang word. Die ou afgeleefde vlag kan bewaar of seremonieel vernietig word.

### 3.5 DIE VLAG VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Die vlag is op 27 April 1994 vir die eerste keer gehys. Die vlag het 'n groen Y-vormige baan wat horisontaal lê met die oop kant van die Y aan die vlagpaal se kant. Bokant die horisontale Y is 'n dun wit baan met 'n rooi vlak wat die bokant van die vlag vul. Onder die horisontale Y is 'n soortgelyke dun wit baan met 'n blou vlak wat die onderkant van die vlag vul. Die basis van die groen Y-vormige baan word gevul met 'n swart vlak wat met 'n dun goue baan, soortgelyk aan die wit, daarvan geskei is.

### 3.6 DIE VLAG VAN NAMIBIË

Die vlag het 'n rooi baan wat diagonaal oor die vlag van onder teen die vlagpaal tot bo, weg van die vlagpaal strek. Die bokant van die vlag word gevul met 'n blou vlak wat met 'n dun wit baan van die rooi geskei is. Die onderkant van die vlag word gevul met 'n groen vlak met 'n soortgelyke dun wit baan wat dit van die rooi skei. In die hoek van die blou vlak is 'n geel son geplaas.

#### AANBIEDING

1. *Behandel die vlag van die land waarin u kommando gesetel is. Suid-Afrika of Namibië. (Niks verhoed u egter om ook na 'n ander land se vlag te verwys nie.)*
2. *Die amptelike vlag moet beskikbaar wees wanneer die vlag bespreek word.*
3. *Die inligting moet mondeling oorgedra en gedemonstreer word.*
4. *Die kind moet geleentheid kry om die vlag te hanteer. Laat hulle toe om dit op en oop te vou en selfs te hys en te stryk al is dit net vir die ondervinding daarvan.*
5. *Maak seker dat elkeen in die span die kniehalterslag en die voorslagknoop kan maak. Gee genoeg geleentheid om dit te oefen.*
6. *Bespreek die betekenis en die inhoud van die gedig "Ons eie vlag" Wys uit dat die laaste vers bekend staan as die "Vlaglied".*

### 3.7 DIE VLAGLIED

Die betekenis van 'n eie Nasionale vlag word nêrens mooier en meer treffend besing as in die woorde van **C.J. Langenhoven** se gedig “Ons eie Vlag” nie. Die *Vlaglied* is slegs die laaste strofe van hierdie gedig en is deur **F.J. Joubert** getoonset. Die Vlaglied kan met trots by vlaghysing en vlagpresentering gesing word.

#### ONS EIE VLAG

*Daar is ander en eie wat opkyk en vra:  
Wat beteken jou vlag dan, Suid-Afrika -  
'n Lap met 'n skilderpatroon,  
'n Vaatdoek wat fladder vir spogvertoon?*

*Aan die vreemde van ver af wat opkyk en vra:  
Wat beteken jou vlag dan, Suid-Afrika? -  
Sê: Vreemdeling, luister met vriendelikheid:  
Die vlag is die beeld van ons majesteit,  
Ons nasie se septer, ons volk se kroon,  
Die regterhands-waarborg aan al wat hier woon  
Dat burger by burger as een man sal staan  
Om skoon en onskendbaar te hou daardie vaan;  
Aan ander 'n waarskuwing, wie ook kom pla,  
Pasop vir die seuns van Suid-Afrika.*

*Aan kinders van my wat nog opkyk en vra:  
Wat beteken jou vlag dan, Suid-Afrika? -  
Sê: Kinders, hy's julle verbond met mekaar  
Om elkeen teen elkeen sy trou te bewaar,  
Om elkeen sy eer en sy roem te behou,  
Om te voel ons is niemand se minderes nou -  
Ons wil is ons eie, ons weg wys so  
Soos ons self hom baan, onder God daar by  
Saam sal ons dien, en saam sal ons dra,  
Want saam is ons seuns van Suid-Afrika.*

*Nooit hoef jou kinders wat trou is te vra:  
Wat beteken jou vlag dan, Suid-Afrika? -  
Ons weet hy's die seël van ons vryheid en reg  
Vir naaste en vreemde, vir oorman en kneg;  
Die pand van ons erf'nis, geslag op geslag,  
Om te hou vir ons kinders se kinders wat wag;  
Ons nasie se grondbrief van eiendomsland,  
Uitgegee op gesag van die Hoogste se hand.  
Oor ons hoof sal ons hys, in ons hart sal ons dra,  
Die vlag van ons eie Suid-Afrika.*